

**Die verband tussen vorm en inhoud in
die vertaling van kreatiewe tekste:
Lewis Carroll se “Jabberwocky”**

Althéa Kotze

Die verband tussen vorm en inhoud
in die vertaling van kreatiewe tekste:
Lewis Carroll se “Jabberwocky”

deur

Althéa Kotze
B.A., B.A.Hons., M.A.

SKRIPSIE
voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad
MAGISTER ARTIUM
(Toegepaste Linguistiek)
in die
Departement Engelse Taal- en Letterkunde
aan die
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Studieleier: Mnr. J.-L. Kruger
Mede-studieleier: Prof. M. M. Verhoef
Vanderbijlpark
November 1998

Opgedra aan Marlene Verhoef

From women's eyes this doctrine I derive:
They are the ground, the books, the academes,
From whence doth spring the true
Promethean fire.

William Shakespeare

Dankbetuigings

Hiermee betuig ek my opregte dank en erkenning aan:

- Jan-Louis Kruger vir sy kalm en beredeneerde vormgewing aan die studie;
- prof. Marlene Verhoef vir haar toegewyde leiding, bereidwilligheid, entoesiasme, geduld, bystand en motivering tydens die voltooiing van hierdie studie;
- Haidee Kotze vir die tikwerk en Griselda Lottering vir die setwerk en finale afronding;
- my kollegas Lorina van der Westhuizen en Colette van Niekerk vir die proefleeswerk, en
- my man en kinders vir hulle eindelose geduld.

... “My dear! I really must get a thinner pencil. I can’t manage this one a bit: it writes all manner of things that I don’t intend – ”

Lewis Carroll

Inhoudsopgawe

1.	Kontekstualisering	1
1.1	Kontekstualisering en probleemstelling	1
1.2	Doelstellings	3
1.3	Hipotese	3
1.4	Metode en verloop van die studie	4
2.	Vertaling, ekwivalensie en funksionaliteit	5
2.1	Inleiding	5
2.2	Die problematiek van die vertaalproses	6
2.3	Die kommunikasieproses met spesifieke verwysing na vertaalkwessies	8
2.3.1	Inleiding: 'n kommunikasiemodel	8
2.3.2	Die belangrikheid van tekstipes binne 'n kommunikasieteoretiese raamwerk	12
2.3.3	Die literêre teks	13
2.4	Vertaalteorie	14
2.5	Ekwivalensie	16
2.5.1	Ekwivalensie versus funksionaliteit	21
2.5.2	Vlakke van ekwivalensie	23
2.5.2.1	Ekwivalensie van inhoud	23
2.5.2.2	Ekwivalensie van vorm	24
2.6	Samevatting	24
3.	Kontekstualisering van die “Jabberwocky” as bronteks	26
3.1	Inleiding	26
3.2	Biografiese besonderhede	27
3.3	Die ontstaan van die teks en kulturele agtergrond	28
3.4	Die manipulasie van taal in woordspel	30
3.5	Funksionele spel: taal as 'n bron van humor	31
3.6	Status van die teks	33
3.7	Literêre tipering van die teks	35
3.8	Samevatting	38
4.	“Glorious non-sense”: 'n analise van die “Jabberwocky” as bronteks	40

4.1 Inleiding	40
4.2 Aspekte van semantiese en leksikale niekoherensie en obskureit	41
4.3 Betekenisgewingstrategieë	45
4.3.1 Grammatikale beginsels en strukturele sintaksis/sintaktiese patrone	46
4.3.2 Die arbitrêre aard van woordbetekenisse	48
4.3.3 Fonetiese betekenisgewing	49
4.3.4 Strukturele koherensie en betekenisinjalering	51
4.3.4.1 Strukturele parallele	51
4.4 'n Strukturele lees van die “Jabberwocky” aan die hand van funksionele woordgebruik	54
4.5 Samevatting	56
5. 'n Vergelykende evaluasie van die verskillende vertalings	57
5.1 Inleiding	57
5.2 Die doel met en funksie van die vertaalde teks	58
5.3 Die evaluasie van die vertaalde teks	60
5.4 Makrokontekstuele evaluasie	61
5.4.1 Estetiese betekenisgewing deur middel van klanklike ekwivalensie	61
5.4.2 Strukturele ekwivalensie	63
5.4.3 Sintaktiese ekwivalensie	64
5.4.3.1 Funksiewoorde (grammatiese raamwerk)	65
5.4.3.2 Infleksiemerkers (verbuigingsmerkers)	66
5.5 Mikrokontekstuele evaluasie	68
5.5.1 Semantiese ekwivalensie	68
5.5.1.1 Die titel	71
5.5.1.2 Strofe 1	72
5.5.1.3 Strofe 2	77
5.5.1.4 Strofe 3	78
5.5.1.5 Strofe 4	80
5.5.1.6 Strofe 5	81
5.5.1.7 Strofe 6	82
5.6 Samevatting	84
6. Samevatting	85
7. Bylaag A: “Jabberwocky” (Lewis Carroll)	88
8. Bylaag B: Afrikaanse vertalings van die “Jabberwocky”	89
8.1 “Brabbelwoggel” (André P. Brink)	89

8.2 “Die Flabberjak” (Linette Retief)	90
9. Bylaag C: Nederlandse vertalings van die “Jabberwocky”	91
9.1 “De Krakelwok” (Ab Westervaaider en René Kurpershoek)	91
9.2 “Wauwelwok” (Alfred Kossman en C. Reedijk)	92
9.3 “Koeterwaal” (Nicolaas Matsier)	93
10. Bylaag D: Duitse vertaling van die “Jabberwocky”	94
10.1 “Der Jammerwoch” (Robert Scott)	94
11. Bylaag E 11.1 Sir John Tenniel se illustrasie van die “Jabberwocky”	95
11.2 Fred Mouton se illustrasie van die “Flabberjak”	96
12. Bibliografie	97

Abstract

In this research project two Afrikaans translations of Lewis Carroll's "Jabberwocky" were compared with each other as well as with the source text to determine the extent to which translation equivalence is achieved. For a wider application result a German and three Dutch translations were also included in the study.

The translations were assessed for translation equivalence using the theoretical concept of equivalence in its widest possible sense, including the various levels of equivalence. The results of the analysis make it possible to draw conclusions as to the process of meaning assignment in a nonsense text. It particularly emphasises the intricate yet meaningful and functional relationship between form and content. It is argued that form and content constitute an inseparable bond in the nonsense text where concepts are often closely related to particular words or formulas.

1. Kontekstualisering

... if you have that rarest of gifts, a perfectly balanced mind ...

(Carroll, 1993:731)

1.1 Kontekstualisering en probleemstelling

Hierdie studie fokus op die verband tussen vorm en inhoud in die vertaling van kreatiewe tekste¹, en ondersoek spesifiek die rol wat taalstruktuur speel in die vertaalproses. As 'n konseptuele raamwerk en teoretiese uitgangspunt word die beginsel van dinamiese ekwivalensie gebruik om twee Afrikaanse vertalings van Lewis Carroll se “Jabberwocky” te analiseer en te evalueer in terme van die dinamiese verhouding tussen vorm en inhoudelike betekenisgewing. In besonder word daar aandag gegee aan die verwantskap tussen fonologiese en morfologiese struktuurskepping en semantiese betekeniskepping. Die doel hiervan is om die sukses van bepaalde vertalings te meet aan die hand van die hantering van die vorm-inhoud-problematiek.

Woordkuns (“word magic”) en verbale inspirasie (“verbal inspiration”) (Nida, 1976:49) is ongetwyfeld die oorwegende kenmerk van die “Jabberwocky”-gedig, trouens van die hele Alice-sage (vgl. Sutherland en Arbuthnot, 1972:210-211). “Jabberwocky”, die vreemde nonsensgedig wat in spieëlskrif in Lewis Carroll se *Through the looking glass* (1908) gedruk is, het meer opslae gemaak as die boek self en wilde aantygings is deur die jare gemaak oor die oorsprong daarvan. Clark (1981) beskou die “Jabberwocky” as die belangrikste van Carroll se gedigte in die Alice-boeke. Gardner (1998:192) beskryf die gedig as “the greatest of all nonsense poems in English”. Hierdie standpunt word weerspieël in die feit dat sowat 53 vertalings van die gedig in 26 verskillende tale op die Internet opgespoor kon word. Dit gee 'n duidelike aanduiding dat die “Jabberwocky” deur die jare heen die verbeelding van vertalers aangegryp het en so as 'n teks 'n bepaalde status in die letterkundige wêreld ingeneem het. Daarvan getuig ook die omvattende werke van onder andere Vitacolonna (1994), Phillips (1971), Sutherland (1970) en Botha (1995) wat

¹Vir die doeleindes van hierdie skripsie word nonsenstekste, waarvan “Jabberwocky” 'n eksponent is, as 'n kreatiewe literêre teks getipeer.

beduidende afdelings aan die “Jabberwocky” wy, sowel as die skripsies van Do Carmo (1991) en Ross (1991) en die artikels van Alkalay-Gut (1987) en Pycior (1984).

As ’n teks wat sterk op woordkuns en strukturele spel berus, bied die “Jabberwocky” ’n bepaalde uitdaging aan vertalers in terme van die problematiek rondom vorm en inhoud. In besonder is daar ’n sterk verwantskap tussen fonologiese en morfologiese struktuurskepping en semantiese betekeniskepping. Die vertaling van hierdie komplekse verhouding hou allerlei uitdagings en probleme vir die vertaler in.

Die rol van die boodskap speel tradisioneel die dominante rol in vertaalteorieë. Die klem wat op inhoudelike ooreenkoms tussen tekste geplaas word, het dikwels daartoe gelei dat vormlike ooreenkoms in ’n groot mate verontagsaam is (Nida, 1976:48). Die realiteit is egter dat inhoud nie totaal van vorm geskei kan word nie. Nida (1976:49) sê die volgende in dié verband:

Form and content often constitute an inseparable bond ... in ... texts in which concepts are often closely related to particular words or other formulas. Wherever strong beliefs in word magic or verbal inspiration are associated with a text, the form of the message nearly always holds a dominant role, and the meaning of the surface content is frequently sacrificed for the sake of preserving the hidden significance which is thought to lie in the form.

Hieruit kan afgelei word dat linguistiese vertaalteorieë gebaseer is op ’n vergelyking van die linguistiese struktuur van beide die bron- en doelteks om sodoende die aard van betekenisgewing en -oordrag nader toe te lig (vgl. Brislin, 1976:69). Die dinamiese ekwivalensieteorie berus op dieselfde aanname. Die strewe na dinamiese ekwivalensie kom daarop neer dat die vertaler moet probeer om met sy vertaling ’n soortgelyke effek by die doeltaalleser te bewerkstellig as wat die oorspronklike ontvanger in die brontaal ervaar het by die lees van die teks. Om dieselfde betekenis oor te dra in die doeltaaltekste word die vormlike eienskappe van die brontaaltekste² geherstruktureer (Newmark, 1988:132). Die doel met dinamiese ekwivalensie is dus om die teks na die leser te bring en allerlei metodes word aangewend om die vertaalde teks so toeganklik moontlik vir die doeltaalleser te maak.

²Die terme *brontaal* en *doeltaal* (en hulle verskeie samestellings) word verder as BT- en DT- afgekort.

Die doel van hierdie skripsie is daarom nie net om die verhouding tussen vorm en struktuur in die vertaling van kreatiewe tekste te ondersoek, of om verskillende vertalings van die “Jabberwocky” te vergelyk in terme van hierdie verhouding nie. Die uiteindelijke oogmerk is ook om die rol te bevestig wat vertaling in die volgehoue lesersaandag en -resepsie van ’n teks speel, spesifiek die “Jabberwocky”-gedig van Lewis Carroll.

Vanuit die voorafgaande algemene opmerkings kan die vrae wat tot hierdie studie aanleiding gegee het, geformuleer word:

1. Wat is die verband tussen vorm en inhoud in die vertaling van kreatiewe tekste, en op watter manier moet hierdie verband in die vertaalproses hanteer word?
2. Op watter manier en in watter mate beïnvloed die hantering van die vorm-struktuurverhouding die sukses van twee Afrikaanse vertalings van die “Jabberwocky”-gedig?
3. Hoe word die verhouding tussen fonologiese en morfologiese struktuurskepping en semantiese betekenisskepping in verskillende vertalings van die “Jabberwocky” hanteer en watter effek het dit op die impak van die bepaalde vertaling?

1.2 Doelstellings

Die doelstellings wat uit die vrae voortspruit behels die volgende:

1. Om die verband tussen vorm en inhoud in die vertaling van kreatiewe tekste te ondersoek, en te bepaal op watter manier(e) hierdie verband in die vertaalproses hanteer kan word.
2. Om te bepaal op watter manier en in hoe ’n mate die hantering van die vorm-struktuurverhouding die sukses van bepaalde vertalings beïnvloed.
3. Om die verhouding tussen fonologiese en morfologiese struktuurskepping en semantiese betekenisskepping in verskillende Afrikaanse vertalings van die “Jabberwocky” te ondersoek en te bepaal watter effek dit het op die impak van die bepaalde vertaling.

1.3 Hipotese

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die geslaagdheid van die “Jabberwocky”-vertalings geleë is in die feit dat die vertalings gedoen is vanuit ’n ooreenkoms in vormlike

aspekte. Die inhoud en die impak wat hierdie gedig en sy vertalings op die leser het, word in 'n groot mate deur die struktuur of vorm daarvan bepaal. Linguistiese kreatiwiteit sal dan grootliks die sukses van die vertaling bepaal. Die arbitrêre aard van ('n) taal(uiting) skep die moontlikhede vir 'n geslaagde, kreatiewe vertaling, wat beteken dat die woordskeppinge in 'n kreatiewe of sogenaamde nonsenstekes soos die “Jabberwocky”, enige en verskillende betekenis kan genereer.

1.4 Metode en verloop van die studie

Hierdie studie fokus op die ooreenkoms tussen taalvorm en taalinhoud, dit is, op die strukturele verskille tussen die bron- en doeltaal, vanuit 'n linguistiese teorie (Nida, 1976:67). Die basiese benadering is strukturalisties van aard, aangesien die analise oorwegend fokus op die verhouding tussen strukturele aspekte soos fonologiese en morfologiese vorm en betekeniskepping. Die hipotese sal beredeneer word aan die hand van 'n vergelykende evaluering van twee Afrikaanse vertalings van die gedig, spesifiek vanuit die strukturele ooreenkomste tussen die oorspronklike teks en die vertalings daarvan.

In hoofstuk twee sal verskillende vertaalteorieë kortliks bespreek word om sodoende tot 'n linguistiese werkmodel vir hierdie bespreking te kom. Hoofstuk drie fokus op die kontekstualisering van die Engelse weergawe van die “Jabberwocky”-gedig as bronteks, binne die konteks van die Alice-tekste. Die relevansie van hierdie bespreking lê in die feit dat geslaagde vertaling in 'n groot mate berus op die geslaagde interpretasie en evaluering van die konteks van die bronteks. Hierdie ondersoek van die bronteks word in hoofstuk vier voortgesit waarin die gedig in meer strukturele besonderhede ontleed en geëvalueer sal word. In hoofstuk vyf word geselekteerde vertalings van die gedig ten opsigte van semantiese, fonologiese en morfologiese aspekte geëvalueer, in ag genome die landeskundige problematiek. Hoewel die fokus hier hoofsaaklik op Afrikaanse vertalings van “Jabberwocky” is, sal daar ook verwys word na onder andere Duitse en Nederlandse vertalings van die teks om 'n breër vergelykingsbasis daar te stel. Die gevolgtrekkings van hierdie studie word in hoofstuk 6 weergegee.

2. *V*ertaling, ekwivalensie en funksionaliteit

... when [Alice] had come close to it, she saw clearly that it was Humpty Dumpty himself ... [He] was sitting, with his legs crossed like a Turk, on the top of a high wall – such a narrow one Alice quite wondered how he could keep his balance ...

(Carroll, 1993:179)

2.1 Inleiding

Die sentrale aanname van hierdie studie is dat ekwivalensie van vorm meer as ekwivalensie van inhoud 'n voorwaarde is vir die geslaagdheid van die vertaling van 'n teks wat primêr op taalspel berus. Teen die agtergrond van hierdie basiese aanname moet die kwessie van ekwivalente effek (binne die dinamiese ekwivalensieteorie) in die vertaling van so 'n teks van nader omskryf word. Soos Newmark (1995:49) dit stel: “ ... the ‘equivalent effect’ principle ... is an important translation concept which has a degree of application to any type of text, but not the same degree of importance”. Binne die breër konsep van ekwivalensie stel Svejcer (1981:321) die volgende: “Equivalence is one of the central issues in the theory of translation and yet one on which linguists seem to have agreed to disagree.” Daarom behoort die tipe teks te bepaal tot watter mate ekwivalensie 'n bepalende rol sal speel in die geslaagdheid van die vertaling daarvan.

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n teoretiese uitgangspunt te skep waarvolgens die vormlike sowel as die inhoudelike aspekte van 'n vertaling binne die dinamiese ekwivalensieteorie geakkommodeer kan word om 'n optimaal geslaagde vertaling tot gevolg te hê.

Aspekte wat in hierdie verband in die verloop van die bespreking ter sprake kom, is:

- die konsep *vertaling*;
- 'n kommunikasiemodel vir vertaling;
- die vertaalteorie, en
- die beginsel van ekwivalensie.

Die doel van hierdie hoofstuk is nie 'n kritiese of evaluerende studie van verskillende vertaalteorieë óf die ekwivalensieteorie nie, maar slegs om vir die beperkte doeleindes van hierdie skripsie 'n werkbare teoretiese uitgangspunt daar te stel.

2.2 Die problematiek van die vertaalproses

Die kernprobleem waarmee vertaalteorieë hul besig hou, is in wese 'n besinning oor die aard van die problematiek van die vertaalproses. Die begrip *vertaling* word in die literatuur op verskillende en uiteenlopende wyses omskryf sodat dit duidelik blyk dat daar teoreties geen optimaal-bevredigende konsep vir die begrip *vertaling* te vind is nie. Dié verskynsel beklemtoon juis die komplekse aard van die vertaalproses. In hierdie verband is die volgende definisies insiggewend (beklemtoning telkens deur die navorser):

- “Translating consists in **reproducing** in the receptor language the closest natural **equivalent** of the source-language message ...” (Nida en Taber, 1982:2.)
- “Translation is a craft consisting in the attempt to **replace** a written message ... in one language by **the same message** ... in another language.” (Newmark, 1988:7.)
- “Translation is the **replacement** of a text in the source language by a **semantically and pragmatically equivalent** text in the target language.” (House, 1981:29.)
- “Translation is the **transfer** of thoughts and ideas from one language (source) to another (target).” (Brislin, 1976:1.)
- “Translation is of course a **rewriting** of an original text. All rewritings ... **manipulate** literature to function in a given society in a given way. Rewriting is manipulation ...” (Bassnett en Lefevere, 1990; Lefevere, 1992a; Lefevere, 1992b; Gentzler, 1993.)
- “From the point of view of the target literature all translation implies a degree of **manipulation** of the source text for a certain purpose.” (Hermans, 1985:9.)
- “... translation is the product of an act of translating ... the **replacement** of ... a text encoded in one natural language ... by a text encoded in another natural language ...

³Soos geformuleer deur Bassnett en Lefevere (1990) in die algemene redakteursvoorwoord tot hulle reeks boeke oor die vertaalkunde (vgl. bibliografie)

providing that a **certain relationship** obtains between the two texts. Nowadays this relationship is most commonly designated **equivalence**. Thus a translation is a (linguistic) text in one language which is equivalent to another text in another language” (Toury, 1981:10).

- “Transformation (translation) is in principle the product of an **interpretation**. First one decomposes the original object which one is interpreting in order to create there after a new object which is recomposed, which is translation.” (Raffel, 1988:14.)

Hoewel daar in hierdie omskrywings sprake is van verskillende prosesse of handeling – verandering, herskepping, interpretasie, representasie, oordrag, herskrywing, manipulasie – blyk dit tog breedweg dat ’n vertaalde teks dieselfde betekenis en funksie moet hê as die oorspronklike. Hierdie ooreenkoms in betekenis en funksie manifesteer in ’n sekere verhouding wat algemeen in die vertaalteorie bekend staan as ekwivalensie. Die vertaalteorie spits hom daarop toe om hierdie ekwivalensieverhouding en die probleme en implikasies te ondersoek wat ten opsigte van betekenisoordrag daarmee verband hou.

Jakobson (1959:232-239) onderskei tussen drie tipes vertaling:

- intralinguale vertaling of herbewoording (’n interpretasie van verbale tekens deur middel van ander tekens in dieselfde taal, soos die verskillende Afrikaanse vertalings van die “Jabberwocky”);
- interlinguale vertaling, “translation proper” (’n interpretasie van verbale tekens deur middel van ’n ander taal soos die vertaling van die “Jabberwocky” uit Engels in verskillende ander tale), en
- intersemiotiese vertaling of transmutasie (’n interpretasie van verbale tekens deur middel van nieverbale tekensisteme).

Hy kom dan tot die slotsom dat ekwivalensie deur vertaling nie moontlik is nie, slegs kreatiewe transformasie wat Bassnett (1992:24) soos volg beskryf: “The SL phrase is replaced by a TL phrase that serves the same purpose in the TL culture, and the process here involves the substitution of SL sign for TL sign.”

Dit kom dan daarop neer dat in ’n gedig soos die “Jabberwocky” daar nie ekwivalente vorme gevind moet word nie, maar geskep moet word. Soos Orwell (1962:155-156) dit

stel: “What is above all needed is to let the meaning choose the word, and not the other way about [because] the worst thing one can do with words is to surrender to them.”

Die beginsel van ekwivalensie vereis dus dat daar sekere basiese aspekte van die bronteks is wat behoue/intakt moet bly in die vertaalde produk: dit wat as belangrik beskou word in die bronteks. Toury (1980:12) beskryf dié gemeenskaplike kernelement tussen die bronteks en die doelteks as die inligting – dit is, die boodskap deur middel van taal en kultuur – wat oor eeue en oor semiotiese grense heen oorgedra moet word. Die beginsel van ekwivalensie vorm tans die kernprobleem in die moderne vertaalteorie en staan sentraal binne die teorie en praktyk van vertaalstudies.


Volgens Newmark (1995:49) is dit “... an important translation concept which has a degree of application to any type of text, but not the same degree of importance”. Uit die literatuur is dit dan ook duidelik dat dit ’n sleutelterm in die vertaalteoretiese besinnings is (vgl. bv. Catford, 1965:21) maar dit is duidelik dat dit kontroversieel en ’n “illusie” blyk te wees: “It is however a highly controversial concept, and despite a heated debate of over twenty years, it was never satisfactorily defined in its relevance to translation.” (Snell-Hornby, 1990:80.)

Alvorens die ekwivalensiekwessie hanteer word, is dit belangrik dat noodsaaklike agtergrond ter kontekstualisering daarvan gestel word. Daarom word die fokus vervolgens geplaas op die grondbeginsels waarvolgens kommunikasieprosesse binne vertaalaktiwiteite ’n bepalende rol speel in die wyse waarop verskillende tekste vertaal word en die geslaagdheid daarvan, al dan nie.


2.3 Die kommunikasieproses met spesifieke verwysing na vertaalkwessies

2.3.1 Inleiding: ’n kommunikasiemodel

Daar is verskeie kommunikasiemodelle wat gebruik kan word om die kommunikasieproses binne die vertaalproses voor te stel. Binne die konteks van hierdie studie is die kommunikasieproses soos gekonseptualiseer deur Roman Jakobson voldoende (vgl. Hawkes, 1985:83):



waarby hy dan die volgende funksionele dimensies voeg (Hawkes, 1985:85):



Hawkes (1985) se standpunt is gebaseer op die uitgangspunt dat, hoewel vertaling ten diepste linguistiese aktiwiteit behels, die proses van vertaling ook buite-linguale kriteria betrek wat daarvan 'n semiotiese⁴ proses maak. Die byvoeging van die transaksionele dimensies verleen by uitstek sodanige geskakeerdheid aan die kommunikasieproses.

Volgens Nida en Taber (1982:24) is kommunikasie voorts nie slegs informatief nie, dit het ook ekspressiewe en imperatiewe funksies as dit wil voldoen aan die eise wat verskillende tipes vertaling stel.

Omdat die kommunikasiemodel, vertaalmodel en -metode sal wissel na gelang van die tekstipe en die primêre funksie daarvan, moet die funksie van die teks (die bedoeling van die outeur en die bedoelde teikengroep) vasgestel word alvorens bepaal kan word watter metodologiese beginsels gevolg moet word.

⁴Semiotiek is die studie van tekensisteme of -strukture, tekenprosesse en tekenfunksies (vgl. Hawkes, 1985)

Volgens Nida en Taber (1982:26) kan die volgende verskillende funksies van taal onderskei word:


- die informatiewe funksie;
- die fatiese funksie, en
- die imperatiewe funksie.

Daarenteen onderskei Newmark (1995:39-44) tussen die volgende funksies:

- die vokatiewe funksie (direktief, oorredend en imperatief);
- die estetiese funksie;
- die fatiese funksie, en
- die metalinguale funksie.

Hiervolgens is dit duidelik dat, hoewel daar ooreenkoms bestaan tussen Nida (1982) en Newmark (1995) se onderskeidings, die byvoeging van estetiese en metalinguale funksies deur Newmark (1995) nuwe dimensies byvoeg wat deur die vertaalproses verreken moet word.

Wanneer dan in berekening gebring word dat Van den Broeck en Lefevere (1979:10) vertaling as kommunikasieproses voorstel, is dit duidelik hoekom dit belangrik is om ook taalfunksies in berekening te bring wanneer dit gaan om die beoordeling van vertalings:



Hier maak die sender (S1) van 'n kommunikasiesisteem gebruik om 'n boodskap (B1) oor 'n deel van 'n werklikheid oor te dra. Die sender (S1) en die ontvanger (O1) gebruik egter verskillende taalsisteme en dus word 'n vertaler (V) by die kommunikasieproses ingesluit. Die vertaler (V) vervul as tussenganger die rol van ontvanger (O1) van die eerste sisteem én van sender (S2) van die tweede sisteem. Die vertaler (V) se rol bestaan uit die interpretasie van die eerste boodskap (B1) en die verwerking daarvan deur middel van die tweede sisteem om 'n soortgelyke boodskap (B2) daar te stel. Die laaste stap in die proses is die opneem van die boodskap (B2) deur die tweede ontvanger (O2) wat dit op sy beurt interpreteer.

Vertaling moet dus gesien word teen 'n raamwerk van intertaalkommunikasie waar vertaling 'n handeling is wat op tale uitgevoer word: 'n *proses* wat 'n teks uit een taal in 'n ander weergee. Die kernproblematiek van die vertaalhandeling is die verkry van ekwivalensie tussen die bronteks en die teikenteks deur 'n vertaling wat as die eindproduk van die vertaalproses gesien word.

2.3.2 Die belangrikheid van tekstipes binne 'n kommunikasieteoretiese raamwerk

Wanneer Van Luxemburg *et al.* (1983:134) tekste beskou “... als boodschappen in een communicatiesituasie”, en nader omskryf as “... taaluitingen die inhoudelijk, syntactisch en pragmatisch een eenheid vorm”, kan aanvaar word hy sê dat die teks binne 'n (semiotiese) kommunikasiestruktuur funksioneer [sender (spreker) (boodskap (kode) (ontvanger (aangesprokene))] en dat die boodskap binne 'n bepaalde kode met spesifieke tekens werk. Carstens (1994:20) aanvaar ook hierdie omskrywing van 'n teks as relevant in terme van die tekslinguistiek.

Van den Broeck en Lefevere (1979:39) omskryf 'n teks as “... een gestructureerd geheel waarbinne bepaalde relaties bestaan”, en spesifiek “... als een samehangende verzameling van semantische relaties”, waar “... de ene of de andere functie domineert” – funksie synde dan kommunikatiewe taalfunksies. Só gesien kan verskeie tipes tekste onderskei word.

Binne 'n (semiotiese) kommunikasieteoretiese raamwerk kan aanvaar word dat tekste kan verskil op grond van die aard van die inhoud van die boodskap, die doel daarvan en die aard van die verhouding tussen die tekens waarmee die boodskap werk. Ook Van Luxemburg *et al.* (1983:142-145) beklemtoon die opvatting dat 'n teks gesien moet word in verhouding tot sy funksie en onderskei dan 'n funksionele indeling van tekstipes op grond van die geslaagdheid van die doel van die teks soos uit die taalboodskap gelees.

Indien 'n teks tipeer kan word, kan dus aangedui word watter taalfunksies daarin domineer – of anders gestel: indien die dominante taalfunksie onderskei kan word, kan die teks tipeer word.

Na gelang van die dominante taalfunksies onderskei Van den Broeck en Lefevere (1979:37-39) en Van Luxemburg *et al.* (1983:142 e.v.) vier verskillende (hoofgroepe) tipes tekste:

- referensiële of informatiewe tekste (waar die referensiële funksies beklemtoon word: soos die joernalistiek, amptelike dokumentasie, vakliteratuur);

- artistieke of literêre tekste (waar die artistieke inhoud in die brandpunt staan, en die estetiese funksie domineer, soos kunsprosa en poësie);
- appellatiewe tekste (wat appèl maak op die leser en hoofsaaklik gerig is op beïnvloeding en oorrëding, soos reklame en argumentasie), en
- aanvullende tekste (soos die oorklankingstekste van rolprente, godsdienslike tekste en toneelstukke).

Kroes (1986:4) noem dat, hoewel die vertaling van elke tipe teks soos deur Van den Broeck en Lefevere (1979:93-95) gekategoriseer, sy eie wetmatighede toon, heelwat oorvleueling tussen die tekstipes moontlik is. Elkeen van die tekstipes stel dus afsonderlike vertaalstrategiese eise aan die vertaler.

Die belangrikste aspek wat hier ter sprake is, is dat die eise van die potensiële lesers of teikengroep voorop staan (vgl. ook Nida, 1982:163).

2.3.3 Die literêre teks

Aangesien dit duidelik is dat “Jabberwocky” ’n teks is waar die artistieke inhoud sentraal staan, word die fokus vervolgens geplaas op literêre tekste. Die hoof funksie van die literêre teks is om die aandag op die primêre bron van die boodskap, die teks self, te rig. ’n Teks word as literêr aanvaar wanneer dit as sodanig funksioneer en ’n groep lesers dit as sodanig aanvaar (Carstens, 1997:92). Verskillende literêre genres en subgenres word onderskei, waarvan elke genre kenmerkende eienskappe vertoon.

Die literêre teks vertoon ’n veel kompleksere struktuur as die referensiële teks (vgl. Van Luxemburg *et al.*, 1983:144-45 en Van den Broeck en Lefevere, 1979:41). Die taaltekens is oorwegend niereferensiële en ’n “nuwe” werklikheid word gerepresenteer: ’n wêreld-in-woorde wat manifesteer op linguistiese, situasioneel-pragmatiese en literêr-estetiese vlak.

Die inhoud, die teks self, staan egter in die sentrum en die esteties-linguistiese vorm daarvan domineer na gelang van die subjektiewe of objektiewe representasie van ’n skrywer/digter/dramaturg en die literêre genre wat beoefen word.

Die komplekse struktuur van die inhoud van die literêre teks stel uiteraard groot eise aan vertalers se interpretasie en vertaling. Daarom is kennis van die brontaal 'n belangrike voorvereiste, “ ... maar vereist tevens een literaire scholing die de ontvanger van die boodskap in staat stelt het ingewikkelde netwerk van semantische relaties te herkennen en tot een zinvolle eenheid te verbinden” (Van den Broeck en Lefevere, 1979:41). 'n Vertaler behoort egter bo alles 'n beheerser van die doeltaal te wees sodat aan die eise van potensiele lesers voldoen kan word.

'n Gedetailleerde tekstipologie behoort die vertaal van 'n bepaalde tipe teks te vergemaklik: die besondere tekstipe sal dus 'n invloed hê op die vertaalteorie en"-metode. Teen hierdie agtergrond moet dus gekyk word na verskillende vertaalteorieë en die problematiek van vertaling.

2.4 Vertaalteorie

Enersyds kan die vertaalteorie beskou word as 'n sistematiese, koherente sisteem van hipoteses oor vertaaltekste en vertaalprosedures. Hierdie hipoteses word afgelei uit die onderlinge samehang wat bestaan in die wetenskaplike insigte oor vertalings en vertaalprosedures. Andersyds kan die vertaalteorie ook gesien word as 'n stel reëls, tegnieke en voorskrifte wat, wanneer dit behoorlik toegepas word, sal lei tot optimale resultate met betrekking tot vertaalwerk. Daarom kan dit beskou word as 'n raamwerk van beginsels en wenke aan vertalers wat uiteindelik as vertaalkritiek dien (vgl. bv. Bell, 1991:21-23 en Combrink, 1997:1-3). Op grond hiervan kan dus gesê word dat vertaalteorie in wese 'n normatiewe karakter het omdat dit gerig is op die teorie van die praktiese oplossing van praktiese vertaalprobleme.

Sapire (1995:66) wys daarop dat die vernaamste onderskeid in die vertaalkunde tans geleë is tussen 'n deskriptiewe en preskriptiewe (en dus normatiewe) benadering, en nie meer tussen 'n prelinguistieke en linguistieke benadering nie:

Volgens Newmark (1981) is tradisionele vertaalkunde prelinguistieke vertaalkunde. Dit strek vanaf die Romeinse tyd met Cicero se bekende uitsprake oor die aard van vertaling tot ongeveer die vyftigerjare toe ontwikkelings in linguistiek die teorie van vertaling wesentlik beïnvloed het en die linguistieke periode in vertaalkunde ingelei het. In die lig van ingrypende

veranderings wat onlangs in vertaalkunde ingetree het, is dit nodig om bogenoemde indeling te hersien. Die veranderings is ingelui deur die ontwikkeling van deskriptiewe vertaalkunde in die sewentigerjare. 'n Groepie literatuurwetenskaplikes en vertaalkundiges het in opstand gekom teen die lang preskriptiewe tradisie in die studie van vertaling en die gevolglike 'marginalisering' van die dissipline vertaalkunde in die literatuurwetenskap en 'n nuwe 'paradigma' vir die studie van literêre vertaling ontwikkel.

Moderne deskriptiewe vertaalkundiges staan 'n deskriptiewe benadering tot literêre vertaling voor, wat hom toespits op die rol van vertaling in die doelstelsel en die norme en beperkinge wat die aard van 'n vertaling beïnvloed (vgl. Hermans, 1985:7-15).

'n Deskriptiewe benadering tot die teorie van vertaling is dus doelteks- en doelstelselgerig. Die rol van 'n vertaling in die doelstelsel en die "manipulasie"-faktore wat die aard van vertaling bepaal, is die fokus van die deskriptiewe ondersoek na vertaling (Sapire, 1995:66-67).

Basnett (1992:39-75) bied 'n bondige en insiggewende beskrywing van die geskiedenis van die vertaalteorie. Dit is duidelik dat die polemieë rondom die sistematiese en wetenskaplike bestudering van vertaling deur die eeue heen sentreer om die uiterstes van vrye of letterlike vertaling. Newmark (1988:38) som dié polemieë soos volg op:

Prelinguistieke vertaalteorieë wissel van letterlike en vrye vertaling, getroue en estetiese, eksakte en natuurlike, afhangende of die voordeel ten gunste van die outeur of die leser, die bron- of die doeltaal van die teks was.

Tot die negentiende eeu het letterlike vertaling 'n vergelykende taalwetenskaplike en akademiese inslag gehad waarmee kulturele hervormers die letterkunde wou red. Teen die negentiende eeu het teoretici 'n wetenskaplike benadering voorgestaan, waarvolgens sekere tipe tekste akkuraat vertaal móés word, en ander hoegenaamd nie vertaal kon en moes word nie. Met die opkoms van moderne linguistiek waardeur die filologie/vergelykende taalwetenskap gedurende die laat vyftigerjare linguistiek geword het, is die klem verskuif na die effektiewe en relevante inligtingsoordrag aan die leser. En sedertdien word die standpunt gehuldig dat die ekwivalensiebeginsel van vertaling alle ander vertaalbeginsels

oorskadu, veral die predominansie van enige formele elemente soos woord of vorm (“structure”) (Newmark, 1988:38).

Verskillende navorsers oor die vertaalteorie het deur die jare ook verskillende indelings van teorieë gemaak. Nida (1976:67 e.v.) onderskei tussen filologiese, linguistiese en sosiolinguistiese teorieë van vertaling. Newmark (1981:38 e.v.) onderskei tussen ’n kommunikatiewe en semantiese vertaling. Dit wil voorkom of hierdie verskillende teorieë in twee hoofgroepe verdeel kan word: bronteksgeorïenteerde teorieë (teksgeorïenteerde teorieë) en doeltaalgeorïenteerde teorieë. Die vraag is dus of die leser na die skrywer gebring moet word, of die skrywer na die leser. Die “antwoorde” op hierdie vraagstuk vorm die basis vir die vernaamste vertaalteorieë van hierdie eeu.

Die meeste benaderings ten opsigte van vertaling blyk egter steeds bronteksgesentreerd te wees en optimale ooreenkoms tussen bronteks en doelteks word as die ideaal gestel. Dié ooreenkoms word beskryf met die term *ekwivalensie* en word in die vertaalteorie gebruik om die mate van ooreenstemming tussen die oorspronklike (woord, sin of teks) en sy vertaling aan te dui. Dié term word in die literatuur deur teoretici as die sleutelwoord in die vertaalteorie gesien (vgl. Catford, 1965:21; House, 1981:30 en Van den Broeck en Lefevere, 1979:90).

Aangesien volkome ooreenstemming tussen ’n vertaling en ’n BT-tekst onmoontlik is, moet die vertaler die hoogste mate van ekwivalensie (gelykwaardigheid) nastreef.

2.5 Ekwivalensie

Die meeste vertaalteoretici definieer vertaalteorieë in terme van ekwivalensie (Catford, 1965:21). Tog blyk dit uit die literatuur dat daar geen eenstemmigheid is oor wat ekwivalensie behels nie. De Beaugrande *et al.* (1994:94) sê die meeste taal- en vertaalteoretici het geen teoretiese konsensus oor sowel standarde vir evaluasie van vertaling of ’n werkbare konsep vir ekwivalensie nie. Ook Kroes (1981:20) wys daarop dat die begrip *ekwivalensie* binne die vertaalteorie nog nie bevredigend beskryf is nie.

Verskillende vertaalteoretici het dan ook oor die jare heen verskillende benaderings ten opsigte van ekwivalensie voorgestaan. Volgens Andrews (1992:86-87) onderskei vertaalteoretici breedweg tussen ’n linguistiese (formele, semantiese, letterlike) en sosiolin-

guistiese (dinamiese, pragmatiese, kommunikatiewe, vrye) benadering tot vertaalekwivalensie. Byvoorbeeld: Catford (1965) stel hom hoofsaaklik in op die linguistiese standpunt, maar beweeg tog in die rigting van 'n kommunikatiewer benadering. Nida en Taber (1969, 1982) fokus op Bybelvertaling en gee voorkeur aan dinamiese ekwivalensie bo formele ekwivalensie. Newmark (1988) stel 'n semantiese vertaling bo 'n kommunikatiewe vertaling op voorwaarde dat die effek dieselfde is. House (1981) konsentreer op die vertaling van referensiële tekste (tekste waarin die inhoud die belangrikste is) en gee voorkeur aan pragmatiese ekwivalensie, selfs ten koste van semantiese ekwivalensie, wat dui op 'n sosiolinguistiese vertaalteorie.

Nida (1964:159) onderskei tussen formele en dinamiese ekwivalensie. Formele ekwivalensie fokus op die boodskap self in terme van vorm én inhoud. Ter sprake is die korrespondensie van oordrag tussen poësie en poësie, sin en sin, konsep en konsep. Nida (1964:159) noem dit ook "gloss translation" met as doel die bes moontlike lesersbegrip van die BT-konteks. Formele ekwivalensie-vertaling is basies brongerig en wil soveel moontlik van die vorm en inhoud van die oorspronklike boodskap oordra.

Dinamiese ekwivalensie is gebaseer op die beginsel van ekwivalente effek: die verhouding tussen ontvanger (leser) en boodskap moet daarop gerig wees om sover moontlik dieselfde effek uit te lok as dié tussen die oorspronklike ontvangers en die BT-boodskap. Die beginsel van ekwivalente effek het deur die jare tot groot spekulاسie, debatvoering en onenigheid aanleiding gegee en Bassnett (1992:26) wys daarop dat Nida se onderskeidings mekaar selfs kan weerspreek.

In die twintigste eeu onderskei linguiste steeds hoofsaaklik tussen formele en dinamiese ekwivalensie (vgl. bv. Nida en Taber, 1982:22-28). Newmark (1988:10) beskryf dinamiese ekwivalensie as "the principle of similar or equivalent response or effect, or of functional equivalence". Die strewe na dinamiese ekwivalensie kom dus daarop neer dat die vertaler sal probeer om met sy vertaling 'n soortgelyke effek by die doeltaalleser te bewerkstellig as wat die oorspronklike ontvanger in die brontaal gehad het by die lees van die teks. Om dieselfde betekenis oor te dra in die doeltaal word die vormlike eienskappe van die BT-tekste gewoonlik geherstruktureer. Die doel is dus as 't ware om die teks na die leser te bring. Alles moontlik word gedoen om die vertaalde teks so toeganklik moontlik te maak

vir die leser. Die strewe na dinamiese ekwivalensie is dus, soos kommunikatiewe ekwivalensie, doeltaalgerig (Newmark, 1995:45).

Gutt (1991:10) wys daarop dat die dominante evaluasiekonsep waaroor vertaalteoretici tans ooreenstemming het, steeds ekwivalensie is: “The quality of a translated text is assessed in terms of its equivalence to the original text.” Tog meen hy, soos Koller (1983:186), dat ekwivalensie slegs betekenisvol is in terme van die konseptuele raamwerk “... that spells out what aspects of the text are to be compared and under what conditions equivalence is thought to pertain”, omdat die konsep van ekwivalensie ’n verhouding tussen BT-tekste en DT-tekste postuleer, en nie die wese, die aard van die verhouding spesifiseer of ondersoek nie. Die konseptuele raamwerk ten opsigte van ekwivalensie waarbinne die evaluasie van ’n vertaling gedoen word, sal dan bepaal watter aspekte of vlakke van ekwivalensie by die vertaling sentraal staan.

Volgens Gutt (1991:10) het die omvang van die probleem rondom die konseptuele raamwerk van ekwivalensie omvangryke reperkussies, “because different scholars have proposed different frames of reference”. Gutt (1991:10) verwys dan onder andere na Kade (1968) wat sy benadering beperk tot die inhoudelike vlak; na Koller (1972) wat verwys na die tekstuele vlak; na Nida en Taber (1964, 1969) wat klem lê op die ontvangersresepsie en na Koller (1983) wat vyf verskillende verwysingsraamwerke voorstel, te wete denotasie, konnotasie, tekstuele norme, pragmatiek en vorm.

Die mees algemeen aanvaarde verwysingsraamwerk vir vertaalekwivalensie is tans moontlik dié van funksie, wat daarop neerkom dat ’n vertaalde teks of elemente van ’n teks ekwivalent is aan die brontekste as dit dieselfde funksie vervul as daardie teks, aldus Gutt (1991:10).

Funksionele ekwivalensie as ’n vertaalteoretiese uitgangspunt kan egter problematies raak as van die veronderstelling uitgegaan word dat (’n) teks(te) een of meer funksie(s) tegelykertyd kan hê. Volgens Gutt (1991:11-17) word dié veronderstelling van “funksionele ekwivalensie” deur verskillende vertaalteoretici verwerp.

Volgens Toury (1981:10) word dit deesdae algemeen aanvaar dat bronteksgesentreerde vertaalteorieë afgeleide, onoorspronklike vertaalde tekste tot gevolg het. Daarom moet liewer gestreef word na 'n situasie waar:

translation is the product of an act of translating, i.e., the replacement of ST, a text encoded in one natural language, SL, by TT, a text encoded in another natural language, TL, providing that a certain relationship obtains between the two texts. Nowadays, this relationship is most commonly designated equivalence ... Thus, a translation is a (linguistic) text in one language which is equivalent to another text in another language.

Hoewel Nida en Taber (1982:1-4) se sogenaamde “new concept of translation” die basis gelê het vir die opvatting van dinamiese ekwivalensie deurdat die brontaal nie meer as heilig beskou word nie, wil dit steeds die effek van die bronteks weergee.

Popovic (in Bassnett, 1992:25) onderskei tussen vier tipes vertaalekwivalensie wanneer vertaling as 'n semiotiese transformasieproses ter sprake kom:

- linguistiese ekwivalensie (waar die BT- en DT-tekste op linguistiese vlak ooreenkom, soos byvoorbeeld in die geval van woord vir woord vertaling);
- paradigmitiese ekwivalensie (wat in 'n hoër kategorie val as woord vir woord vertaling, grammatikale en idiomatiese vertaling);
- stilistiese ekwivalensie (funksionele ekwivalensie van BT- en DT-elemente op semantiese vlak met as doel 'n uniekheid van seggingskrag of “expressive identity”), en
- tekstuele ekwivalensie (ekwivalensie op sintagmatiese vlak, dit is ekwivalensie van vorm en voorkoms/tekstipe).

Die laaste twee tipes vertaalekwivalensie sal binne die dinamiese ekwivalensieteorie verreken word omdat vertaling baie meer behels as bloot die vervanging van leksikale en grammatikale items tussen tale. Die proses sal ook inhou dat weggedoen moet word met die basiese linguistiese elemente van die BT-tekste om Popovic se doel met “expressive identity” of uniekheid van seggingskrag tussen BT- en DT-tekste te bewerkstellig (Bassnett,

1992:25). Sy haal Neubert aan wat onderskei tussen die studie van vertaling as 'n proses en as 'n produk: “... the missing ‘link’ between both components of a complete theory of translations appears to be the theory of equivalence relations that can be conceived for both the dynamic and the static model” (aangehaal in Bassnett, 1992:25-26).

Volgens Bassnett (1992:26-27) is dit 'n onweerlegbare feit in die vertaalteorie dat verskillende vertalers elk 'n verskillende weergawe van dieselfde gedig sal gee. Sy verwys dan na Popovic wat van die veronderstelling uitgaan dat daar tog in elke weergawe 'n gemeenskaplike element van die oorspronklike gedig sal voorkom. Hierdie gemeenskaplike element noem Popovic die “invariant core” van die bronteks wat gedefinieer kan word as “... that which exists in common between all existing translations of a single work. So the invariant is part of a dynamic relationship and should not be confused with speculative arguments about the ‘nature’, the ‘spirit’ or ‘soul’ of the text; the ‘indefinable quality’ that translators are rarely supposed to be able to capture.”

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die ekwivalensiebeginsel in die vertaalteorie 'n “much used and abused term” (Bassnett, 1992:25) is, maar tog deur die jare sentraal daarin bly staan het. Om die probleem van ekwivalensie binne die kommunikasie- en vertaalproses tussen tekste vir die doeleindes van hierdie studie te probeer hokslaan, kan vertaalekwivalensie as 'n semiotiese kategorie gesien word. Dit sou beteken dat 'n sintaktiese, semantiese en pragmatiese komponent binne die vertaalproses ter sprake sal kom want: “Equivalence overall results from the relation between signs and what they stand for, and the relationship between signs, what they stand for and those who use them.” (Bassnett, 1992:27.)

Ekwivalensie in die vertaalteorie moet dus nie gesien word as 'n soeke na eenvormigheid of eendersheid nie (eenvormigheid bestaan nie eens tussen twee DT-weergawes van dieselfde teks nie, om nie eens te praat van die BT- en die DT-weergawe nie), maar as 'n interaktiewe proses tussen die tekens en strukture waarbinne én waarbuite die BT- en DT-tekste funksioneer.

2.5.1 Ekwivalensie versus funksionaliteit

Volgens Nida (1976:48-49) bly die rol van die boodskap by vertaling steeds die kernvraag in die teoretisering rondom vertaling, in só 'n mate dat vorm en inhoud nooit werklik van mekaar geskei kan word nie. Babler (1970:194) beklemtoon die feit dat die vertaalteorie al die moontlikhede van taal ondersoek om die naaste ekwivalent met betrekking tot struktuur (vorm) én inhoud te verkry.

Volgens Schogt (1988:5) is die vertaalteorie daarop gerig om ekwivalensie tussen twee tekste te bewerkstellig, naamlik die bronteks en die vertaling (die doelteks). Die vergelyking tussen die twee tale vanuit 'n strukturele perspektief is slegs maar 'n begin. Dit is ook belangrik om die verskeie komponente te analiseer wat bydra om die boodskap te vorm. In sommige tekste is die vorm van die teks ondergeskik aan die inhoud. In ander tekste (soos die "Jabberwocky"-gedig) speel die vorm 'n baie belangriker rol. In sulke tekste word die probleem rondom ekwivalensie van vorm en inhoud dan meer problematies:

One of the major difficulties of a linguistic theory of literary translation, then, lies in the clash between the tendency of linguistics to stress what is general and can be extrapolated, and the character of the material that is to be or has been translated, i.e., individual literary texts, each of which has its own identity even though one may distinguish different genres and establish a list of features that all works belonging to a certain genre have in common.
(Schogt, 1988:5-6.)

In 'n spesifieke kultuur en in 'n spesifieke tydvak is die verwagting van sowel vertalers as teksgebruikers dat 'n vertaalde teks moet voldoen aan sekere standaarde sover dit die verhouding tussen die vertaling en die oorspronklike aangaan (bv. getrouheid), of die verhouding tussen die vertaling en die doel daarvan (bv. funksionaliteit) of die resepsie van die vertaalde teks (bv. vreemdheid). Verskillende standaarde is egter geldig in 'n ander kultuur, of selfs in dieselfde kultuur in 'n ander tydvak (bv. respektiewelik ekwivalensie, adekwaatheid en vlotheid).

Die implikasie hiervan is die daarstelling van 'n algemene vertaalteorie wat voorsiening maak vir spesifieke variasies wanneer toegepas op spesifieke kulture met inagneming van

die kultuurspesifieke konvensies van vertaling en die verwagtinge wat die lede van 'n spesifieke kultuur van 'n spesifieke teks het.

As 'n algemene vertaalteorie maak Reiss en Vermeer (1984) se skoposteorie voorsiening vir die formulering van enige vertalingskopos vir 'n spesifieke oorspronklike teks. Die benadering staan bekend as die *skoposteorie* omdat die skopos ("scopos") – die doel van die vertaalde teks – die vertaalproses bepaal. As 'n funksionele benadering tot vertaling kan dit steeds binne die ekwivalensiebeginsel geakkommodeer word: "If the TT is intended to fulfil the same function as the source text (ST), there can be a relationship of 'intertextual coherence' or 'fidelity' between ST and TT ..." (Reiss en Vermeer, 1984:139.) Die eise van getrouheid sal egter altyd ondergeskik bly aan die skoposreël (die doel van die vertaalde teks): "If the scopos demands a change of function, the required standard will no longer be intertextual coherence with the ST, but *adequacy* or appropriateness with regard to the translation scope." (Reiss en Vermeer, 1984:139.)

Die kern van Reiss en Vermeer (1984) se argument is dus dat elke vertaalproses gelei word deur die funksie of skopos wat die vertaling in die doeltaalkultuur moet vervul (soos gespesifiseer deur die opdraggewer), en nie deur die funksie van die oorspronklike in die brontaalkultuur nie. Dit beteken dan dat nie getrouheid óf ekwivalensie ter sprake is nie, maar of die vertaling in die opdraggewer se behoefte vervul en kan funksioneer as 'n onafhanklike teks in die doeltaalkultuur.

Nord (1991) se funksionele/pragmatiese vertalingsmodel is 'n uitvloeisel van Reiss en Vermeer (1984) se skoposteorie. Haar benadering is noodwendig pragmaties, en dus dinamies, omdat sy van die veronderstelling uitgaan dat vertaling nie in 'n vakuum plaasvind nie en dat daar altyd 'n rede is vir 'n vertaling. Die skoposteorie word uitgebrei met die konsepte *getrouheid* en *konvensionaliteit*, wat die verskeidenheid van die moontlike vertaal-funksies beperk (vgl. Walker et al., 1995:107).

Dié benadering is oënskynlik in teenstelling met ekwivalensiegebaseerde vertaalteorieë omdat die vereiste vir getrouheid of ekwivalensie ondergeskik is aan die skoposreël. Dit kan ook moontlik as aanvullend tot ekwivalensiegebaseerde vertaalteorieë gesien word

omdat die vertaler op sekere (of alle) aspekte van die DT-teks kan fokus en ander ignoreer na gelang van die doel van die teks.

2.5.2 Vlakke van ekwivalensie

Sover dit die ekwivalensievraagstuk aangaan, is die kernvraag op watter vlakke die vertaler na ooreenstemming streef. Dit spreek vanself dat 'n vertaalde teks nie op alle vlakke ekwivalent aan die bronteks kan wees nie. Die aspekte wat by 'n vertaling ekwivalent gemaak word aan die bronteks sal die tipe en die geslaagdheid van die vertaling bepaal. Ekwivalensie van vorm is belangrik by esteties-poëtiese kreatiewe vertaling waar emotiewe aspekte die geslaagdheid van betekenisoordrag (die boodskap) bepaal. Die inhoud van die boodskap van die DT-teks sowel as die (estetiese) vorm daarvan moet die impak ewenaar wat die bronteks op die oorspronklike leser gehad het.

Uit die literatuur blyk dit dat vertaalekwivalensie verskillende dimensies kan hê (vgl. Van den Broeck en Lefevere, 1979:105; Wills, 1976:127 en Kelly, 1979:134), maar dit blyk dat aspekte van vertaling wat dinamies ekwivalent kan wees, breedweg verdeel kan word in dié wat gerig is op ekwivalensie van inhoud (kognitiewe aspekte) en dié wat gerig is op ekwivalensie van vorm (formele aspekte).

2.5.2.1 Ekwivalensie van inhoud

Ekwivalensie van inhoud het te make met die inhoudelike of kognitiewe aspekte van die teks, dus ekwivalensie op semantiese, leksikale, semiotiese, paradigmatische en pragmatiese vlak.

Nida (1976:48-49) wys daarop dat die rol van die *boodskap* steeds die oorheersende element is in besprekings oor vertalings, in so 'n mate dat ekwivalensie van *vorm* oor die hoof gesien word. Nida is egter van mening dat inhoud en vorm in werklikheid interafhanklik is. Ook Brislin (1976:48-49) ondersteun hierdie uitgangspunt: "In reality ... content cannot be divorced completely from form. Form and content often constitute an inseparable bond ... in texts in which concepts are often closely related to particular words or other verbal formulas."

2.5.2.2 Ekwivalensie van vorm

Formele aspekte van 'n teks betrek die stylelemente en strukture soos die woorde, sinne, paragrawe, strofes en hoofstukke en aspekte soos sintaksis, linguistiek en stilistiek kom ter sprake. Nida (1976:54) wys daarop dat die formele linguistiese eienskappe van 'n teks in 'n toenemende mate belangrik word namate die stilistiese eienskappe op die voorgrond tree. Hoe belangriker die vorm dus is vir begrippe en vir die waardering van die boodskap, hoe moeiliker sal dit wees om geskikte formele ekwivalente in die doeltaal te vind. Die vertaling van 'n kreatiewe teks soos die “Jabberwocky”-gedig bied dus 'n besondere uitdaging aan die vertaalvermoëns van die individu. Die vertaler van die kreatiewe teks kan ten opsigte van ekwivalensie van vorm en inhoud 'n dinamiese (vryer) ekwivalente benadering werkbaarder vind as 'n meer letterlike benadering.

2.6 Samevatting

Die ideaal in vertaling is deur die eeue gerig op die vraag of 'n vertaling getrou bly aan die oorspronklike teks al dan nie. Hierdie ideaal is gebaseer op die beginsel van volkome ekwivalensie wat per definisie die akkuraatheid en getrouheid van die vertaling sou verseker.

Voorstanders van dié uitgangspunt distansieer hulle van “permutasies”, “aanpassings” of “weergawes”. Om 'n gedig soos “Jabberwocky” te vertaal – trouens om die oeuvre van Carroll te vertaal – is dit noodsaaklik dat die vertaler gebruik maak van 'n vloeibare konseptuele raamwerk wat nie afhanklik is van rigiede definisies van getrouheid, vertaling of tekstipe nie, en wat buigbaar genoeg is om toe te pas op die hele oeuvre: van die ernstigste en konvensioneelste tot die kreatiefste en humoristiesste subtekste binne die geheel.

Die verskillende fasette van 'n taalboodskap – fonologiese, morfologiese, sintaktiese en semantiese – sou kon vereis dat die optimale doel van 'n vertaalde teks sowel vormlike as inhoudelike ooreenstemming moet wees. Nida en Taber (1974) se dinamiese ekwivalensie, House (1981) se pragmatiese ekwivalensie en Newmark (1981) se kommunikatiewe ekwivalensievertaalstrategieë wat op die inhoud of boodskap van die teks konsentreer, sal in die vertaling van 'n kreatiewe teks/nonsenstekes soos die “Jabberwocky” – waar die klem op die strukturele elemente val – gekombineer moet word met 'n semantiese vertaling.

Newmark (1988:166) wys daarop dat die estetiese funksie van die literêre teks (soos klanklike aspekte) voorkeur geniet bo die ekspressiewe funksie ("the sense of the poem"). Die vertaler van die nonsenstek as 'n subgenre van die literêre teks sal dus daarna streef om deur middel van ekwivalensie van klank ook in die DT-tekste die estetiese funksie dieselfde waarde te gee as wat die BT-teksskrywer gedoen het. Daar word dus van die standpunt uitgegaan dat die inhoud/boodskap in die kreatiewe teks nie van die vorm/struktuur geskei kan word nie, maar juis deur middel van die struktuur bewerkstellig word.

In hierdie hoofstuk is 'n teoretiese uitgangspunt geskep waarvolgens die vormlike sowel as die inhoudelike aspekte van 'n vertaling binne dinamiese ekwivalensieteorie geakkommodeer kan word om 'n optimaal geslaagde vertaling te skep.

In die volgende hoofstuk word die aspekte ondersoek wat 'n bepalende rol gespeel het in die ontstaan van die Alice-tekste en in besonder die "Jabberwocky"-gedig soos wat dit betrekking het op die vorm-inhoud-gegewe/problematiek. Die doel met hierdie bespreking is om aan te toon dat geslaagde vertaling(s) grootliks berus op die interpretasie en evaluering van die konteks waarbinne die brontekste (hier dan ook binne die groter opset van Carroll se oeuvre) ontstaan het.

3. Kontekstualisering van die “Jabberwocky” as bronteks

...

The dream-child moving through a land

Of wonder wild and new

In friendly chat with bird or beast –

And half believe it true

Thus grew the tale of wonderland

Thus slowly one by one,

Its quaint events were hammered out –

...

(Carroll, 1993:13-14)

3.1 Inleiding

Die historiese agtergrond van die outeur binne ’n bepaalde (Victoriaanse) kulturele opset, sowel as Carroll/Dodgson se verwerping van die heersende wetenskaplike en wiskundige benadering van sy tyd, vorm die teelaarde van die strekking van die Alice-boeke en die gedigte daarin vervat, in besonder die “Jabberwocky”. Volgens Gardner (1998:192) word dit allerweë aanvaar dat die “Jabberwocky” beskou word as “the greatest of all nonsense poems in English”. In hierdie hoofstuk word die aspekte ondersoek wat ’n bepalende invloed op die ontstaan van die Alice-tekste gehad het. Die “Jabberwocky” as enkele subteks moet gelees en gekontekstualiseer word teen hierdie agtergrond. Besondere aandag word gegee aan Dodgson se siening van die simboliese algebra en sy humoristiese benadering tot die letterkunde omdat dit grotendeels vorm gegee het aan die aanbieding van sy werke.

“Jabberwocky” – die vreemde speëlskrif-nonsensgedig in Lewis Carroll⁵ se boek *Through the looking glass* (1871) – het die verbeelding van die leserspubliek in so ’n mate aangegryp dat dit wil voorkom of dit as subteks groter status verwerf het as die boek self. Wilde

⁵Lewis Carroll is die skuilnaam van Charles Lutwidge Dodgson (vgl. 3.2). Dit blyk dat C.L. Dodgson, predikant en wiskundige, hom gedistansieer het van Lewis Carroll, fantasieskrywer (vgl. Sutherland en Arbuthnot, 1977:210; ook 3.4).

bespiegeling is oor die oorsprong daarvan gemaak, bespiegeling waarvoor Carroll moontlik self die blaam moes dra omdat hy dit jare vantevore oorspronklik gepubliseer het as “A stanza of Anglo-Saxon poetry” in sy privaat tydskrif *Mischmasch*, in sogenaamde Anglo-Saksiese skrif (vgl. 4.2). Dié gediggie, geskryf toe hy 23 jaar oud was, het die eerste strofe geword van “Jabberwocky” soos dit in *Through the looking glass* verskyn het:

JABBERWOCKY
 'Twas brillig, and the slithy toves
 Did gyre and gimble in the wabe:
 All mimsy were the borogoves,
 And the mome raths outgrape.

3.2 Biografiese besonderhede

Charles Lutwidge Dodgson is gebore op 27 Januarie 1832, die seun van 'n predikant en een van elf kinders. Sy hoërskoolopleiding ontvang hy op Rutland en Rugby en hy toon 'n besondere aanleg vir klassieke tale en wiskunde. Hy was gewild onder sy onderwysers, maar nie onder sy skoolmaats nie, en het gou 'n reputasie gehad dat hy sy vuiste gebruik om homself te verdedig. Op agtien is hy na die universiteit van Oxford, waar hy die res van sy lewe deurgebring het en wiskunde gedoseer het aan verskeie generasies studente.

Die Alice-boeke het hulle oorsprong gehad in die stories wat hy vertel het aan Alice, Lorina en Edith, die drie dogters van dr. Henry Liddell, die dekaan van Christ Church College waar Dodgson klas gegee het. Alice was sy oogappel, soos duidelik blyk uit die inleidende gedig in *Through the looking glass* (Carroll, 1993:117).

Vir Charles Lutwidge Dodgson, predikant en wiskundedosent, was *Alice's adventures in Wonderland* (1864) bloot net nog 'n vindingryke fantasie wat versin is as vermaak vir Henry Liddell se drie dogters saam met wie hy gereeld tyd deurgebring het. In die wandel was Dodgson 'n sedige, ingetoë, ernstige mens wat net in die geselskap van kinders ontdooi het: dan was hy nie meer predikant of wiskundige nie, maar Lewis Carroll, storieverteller by uitstek.

In *Through the looking glass* wat ses jaar later in 1871 gepubliseer is, stuur hy Alice op 'n ontdekkingstog deur 'n wêreld anderkant 'n spieël. Carroll skep 'n absurde wêreld waarin humor en komedie die botoon voer en waar daardie komedie en humor veral geskep word deur die jukstaposisie, superimponering en bymekaarbring van onmoontlikhede en oënskynlike sinlooshede. Die verhaal is gebou op die grondslag van dubbele logika binne 'n wêreld van omgekeerde werklikheid, soos dit agter 'n spieël sou bestaan. Uiteindelik is alles te herlei tot die jukstaposisie van die dubbele wêreld van realiteit en droom; 'n wêreld waar die oënskynlike betekenislose juis betekenis verkry deur strukturele eenheid (Carroll, 1987:131).

3.3 Die ontstaan van die teks en kulturele agtergrond

Cuddon (1991:464) omskryf die woord *jabberwocky* as “[a] form of nonsense; unintelligible speech or writing. At its worst it degenerates into whimsy, that apparently ineradicable cancer of English humour”. Lewis Carroll maak daarvan 'n vreemde, vreesaanjaende ongedierte in 'n gedig met 'n gelyknamige titel in *Through the looking glass* (1872). Alice ontdek dié gedig agterstevoor geskryf in 'n spieëlboek (vgl. Carroll, 1993:133; 1987:150). Tog blyk dit sinvol te wees, “a form of nonsense in which the logic seems deliberately planned and precise; reason on the spree in a surrealistic funfair” (Cuddon, 1991:593), baie meer en komplekser as blote gebrabbel.

Charles Lutwidge Dodgson se wiskundige agtergrond en skoling en die heersende wiskundige teorieë van sy tyd gekombineer met sy voorliefde vir taal en letterkunde vind op 'n bepaalde wyse neerslag in sy literêre oeuvre onder die skuilnaam Lewis Carroll: die seker wêreld van die wiskundige Dodgson en sy bedenkinge en argwaan omtrent simboliese algebra word vergestalt in die verwarring van die linguis en letterkundige Lewis Carroll in die betekenislose, verwarde wêreld van die Alice-boeke (Pycior, 1984:170).

Dodgson se verwerping van en spotkritiek op simboliese algebra was geskoei op 'n konserwatiewe siening van die wiskunde. Die humoris Dodgson het algebraïese temas op satiriese wyse vir humoristiese effek geëksploiteer in die Alice-boeke.

Die Alice-boeke handel oor die soeke na betekenis in 'n betekenislose wêreld. Dodgson se fantasieë – oënskynlik sinloos – beklemtoon struktuur ten koste van betekenis. Hy kon

egter nooit wegkom van die probleem van simboliese algebra nie (soos Alice ook!) en daarom het hy die temas en tegnieke daarvan in sy fantasieverhale “uitgeskryf”. Hoewel dit as fantasieverhale vir kinders geslaagd is, is die Alice-werke ook ’n rykdom van taalverskynsels, wat ’n uitdaging vir elke linguïst bied. Die ware aard van sy belangstelling en bydrae tot taal en letterkunde word verdoesel deur die sydelingse aard van die aanbieding:

Through his oblique mode of presentation, Carroll obscured the nature and scope of his interest in language; the principles implicit in his depiction of language phenomena are so submerged beneath a dazzling surface of whimsicality that for the most part, their presence has not previously been suspected. (Sutherland, 1970:6.)

Die rede vir die “verdoeselde aanbieding” is geleë in die wiskundige Dodgson se verwarring, argwaan en bedenkinge ten opsigte van die heersende wetenskaplike wiskundige benadering van sy tyd. Pycior (1984:151, 153) som die tendens soos volg op:

In short, with the symbolical approach, the traditional image of mathematics as a science of meaningful terms, self-evident principles and absolute truths began to crumble. Coming into vogue was a view of algebra as a study of meaningless signs and symbols, governed by somewhat arbitrary rules and subject to many different interpretations. The traditional goal of mathematics, absolute truth, was giving way to a goal of useful and logically certain conclusions. Symbolical algebraists admitted that they could guarantee only that algebraic conclusions were the result of good deductive reasoning applied to assumed first principles – but that these conclusions were necessarily true in any absolute or empirical sense.

In ’n tydvak waar wiskunde as wetenskap ’n sentrale posisie ingeneem het in Britse intellektuele denke, het ’n klein groepie wiskundiges die outonomie daarvan as ’n absolute wetenskap bevraagteken. Hulle het ’n nuwe benadering ontwikkel as respons op die probleem van negatiewe en imaginêre (“negative and imaginary”) getalle, ’n benadering wat struktuur en logiese sekerheid beklemtoon het eerder as betekenis en fisiese toepaslikheid (“physical applicability”).

Die impak en invloed van die Alice-werke strek veel verder as ’n fantasie “that cannot be accounted for on the basis of anything that had preceded them” (Sutherland en Arbuthnot,

1977:210), of in 'n Victoriaanse kultuur waar geen aandag aan kinders se leesbehoefes gegee is nie. Die Alice-werke handel oor 'n soeke na betekenis in 'n betekenislose wêreld, vir Dodgson betekenisloos omdat die sekerheid van sy wiskundige skoling nie meer eksak figureer nie. In Dodgson se wiskundige werke het die wiskunde alleen absolute waarheid gewaarborg. Die verkrummeling van die wiskunde as wetenskap sinjaleer 'n verkrummeling van 'n koherente benadering tot die werklikheid. Pycior (1984:168-169) sien die weerstand teen en verbrokkeling van die Victoriaanse kultuur nie as die resultaat van die verbrokkeling van religie onder die impak van die wetenskap nie, maar as die verbrokkeling van gevestigde wiskundige sekerhede onder die impak van die nuwe algebra. Die vindingryke van Dodgson se literêre en taalkundige behendigheid is egter dat hy sy wiskundige besorgdhede verdoesel onder en kombineer met sy ander forté: humor.

3.4 Die manipulasie van taal in woordspel

Tradisioneel word taal gesien as 'n metode of sisteem van kommunikasie en (kulturele) interaksie, soos blyk uit die volgende aanhalings uit Crystal (1987:396):

- “Language is a purely human and non-instinctive method of communicating ideas, emotions and desires by means of voluntarily produced symbols.” (E. Sapir, 1921.)
- “A language is a system of arbitrary vocal symbols by means of which the members of a society interact in terms of their total culture.” (G. Trager, 1949.)
- Language is “the institution whereby humans communicate and interact with each other by means of habitually used oral-auditory arbitrary symbols” (R. A. Hall, 1964).

Taal word ook allerweë beskou as “... a system which relates sounds with meanings ... in an arbitrary fashion” (Fromkin en Rodman, 1978:12-13). Dus, terwyl taal die mens in staat stel om die wêreld om hom te interpreteer en te organiseer deur dit struktuur en betekenis te gee, beheer en manipuleer dit ook sy persepsie van die werklikheid: “We see and hear and otherwise experience very largely as we do because ... language habits ... predispose certain choices of interpretation.” (Sapir, aangehaal in Meintjies, 1992:261.)

Di is hierdie “inherent beperkende” aspek van taal wat Carroll tong in die kies in *Alice through the looking glass* uitgebuit het sodat 'n gedig soos die “Jabberwocky” homself as 't ware spieël binne die vorm-inhoud-problematiek.

Lewis Carroll het taal dus nie bloot gesien as 'n middel tot kommunikasie nie, maar as 'n draer vir spel; 'n opvatting wat ongetwyfeld so oud is soos taal (Sutherland, 1970:22). Met die moontlike uitsondering van Edward Lear, het Carroll egter sy tydgenote⁶ met hierdie subgenre die loef afgesteek "both in the frequency of his indulgence and in the range of his virtuosity" (Sutherland, 1970:22).

Sutherland (1970:21) beklemtoon twee aspekte van Carroll se virtuositeit met woordspel: sy gebruik van linguistiese simbole as merkers wat in woordspel gemanipuleer kan word sonder besondere inagneming van die gevestigde konvensionele betekeniswaarde; en tweedens sy eksploitasie van onderliggende teoretiese taalkundige beginsels om situasionele humor in sy fiksie te skep om sodoende kommentaar te lewer op die aard van taal. Die Alice-boeke en die gedigte daarin vervat moet primêr teen hierdie agtergrond gelees word.

3.5 Funksionele spel: taal as 'n bron van humor

Carroll se primêr humoristiese lewensbeskouing ten opsigte van taal vind ook neerslag in die hantering van linguistiese verskynsels: "Having been led by his philosophical work in mathematics and logic to study language in its theoretical and practical aspects, he saw that linguistic phenomena presented many opportunities for humorous exploitation." (Sutherland, 1970:26.) Hierdie linguisties-afgeleide humor moet gesien word as 'n spontane uitvloeisel van die situasies en gebeure voortspruitend uit die narratiewe aksie. Carroll was in staat om in die taalgebeure 'n ryk veld vir humoristiese ontginning te sien en dit te vergestalt in linguistiese spel.

Carroll was 'n meester in die ontginning van die inherente vermoë van grafiese/geskrewe en foniese vorme (wat in taal manifesteer as linguistiese simbole) om hulself te verander en te herrangskik na gelang van die manipuleerder se grille. As 'n formele struktuur leen die alfabet, die fisieke voorkoms van woorde en die sintaktiese patrone van sinstipes hulle tot arbitrêre permutasie en rondsuiwing. Carroll het die alfabet, woorde, frases en klankgroepsekwensies gesien as objekte waarmee hy 'n woordspel kan speel (Sutherland, 1970:21).

Sonder om hom te veel te steur aan die onderliggende teoretiese beginsels, het Carroll

⁶Oscar Wilde, William Thackeray, Charles Swinburne, en C.S. Calverley.

eenvoudig die funksionele eienskappe van taal uitgebuit, eienskappe wat in alledaagse taalgebruik inherente moontlikhede vir absurditeit bied. Hy was bewus dat mense onverskillig met taal omgaan, dat simbole verwar word met die ding wat gesimboliseer word, woorde vervul word met 'n “magiese” betekenis-otonomiteit, en dat mense deur onverskillige taalgebruik hulle skuldig maak aan leksikale en strukturele dubbelsinnigheid (Sutherland, 1970:28).

Taal word dus 'n draer vir spel in 'n groter sin as blote manipulasie:

Questions into the nature of meaning, into the character and functions of names, and into the formal structure of language which aid or thwart attempts at communication are exploited for humorous effect simply because they are capable of being exploited, and because Carroll saw them as such. The whimsical use of language phenomena enabled Carroll to indulge his own delight in playing with language, to puzzle his readers and – although this was not his paramount intention – to comment indirectly upon the nature of language itself. (Sutherland, 1970:28.)

Spel met woorde as eenhede word vergestalt in Carroll se neologismes, woordspel en woordspeling. Die “portmanteau”-woorde of “blends” (Sutherland, 1970:49) in die “Jabberwocky” het 'n vreemde evokatiewe kwaliteit wat betekenis suggereer waar geen betekenis oënskynlik teenwoordig is nie. In hierdie gedig word die onderliggende beginsels soos struktuur ten koste van betekenis meesterlik verskuil onder 'n oënskynlik speelse oppervlak.

Ede (1987:59) wys ook daarop dat die taalspel in Carroll se werke 'n dualisme vertoon wat in konstante spanning gehandhaaf word en fyn gebalanseer word as deel van sy dialektiese struktuur. Dié dualisme manifesteer op unieke wyse in

... a basic ambivalence between the desire to present emotion ... and the tendency to refuse to admit that such discomfoting realities exist. This dualism is most commonly exemplified in the tension between *form and content where ordered surface structures such as rhyme [and] alliteration* ... distract attention from material which is often quite alarming (Ede, 1987:59; my kursivering, AK).

Die kernvraag bly steeds: Wat onderskei die “Jabberwocky” van enige ander nonsens-gedig, ’n obskure moderne gedig of enige vormlose en betekenislose gebrabbel? As dit oënskynlik sinloos is, waarom gryp dit lesers se verbeelding na amper een en ’n half eeu steeds so aan dat drie en vyftig vertalings in ses en twintig tale⁷ al gedoen is en allerlei permutasies en parodieë⁸ steeds in omloop kom?

Dit wil ook voorkom of al die vertalings die storie/gebeure gemaklik weergee: die groot getal vertalings ondersteun so ’n stelling. Wat dus opvallend is, is die gedig se potensiaal om gevoelens, beelde en assosiasies te genereer.

Dit gaan dan nie soseer om betekenis uit die gedig te abstraher nie, maar om te bepaal hoedanig dit deur middel van strukturele koherensie inhoudelike betekenis oordra ten spyte van die afwesigheid van kenmerkende, sinvolle of algemene taalgebruik. Soos Alice sê: “Somehow it seems to fill my head with ideas, only I don’t exactly know what they are! However, somebody killed something, that’s clear, at any rate.” (Carroll, 1993:134.)

3.6 Status van die teks

Klassieke werke vorm deel van die intrinsieke kulturele erfenis van ’n volk ongeag die taal waarin hulle verskyn. Lukens (1986:28) omskryf ’n klassieke werk as ’n boek wat die toets van die tyd deurstaan

not because it is continually enshrined on lists and because people talk about it, but because it continues to be read. Despite changes in society, it finds new readers in each generation and gives repeated pleasure and understanding upon rereading. Not all that we remember of our reading deserves long life. Some stories justifiably endure.

Die verskyning en gepaardgaande gewildheid van die boeke het vir Dodgson ontstellende gevolge gehad:

Charles Lutwidge Dodgson, still very much the obscure mathematician, found Lewis Carroll a famous person – sought after, praised, discussed, even advertised. Gentle, sensitive soul that he was, Dodgson was horrified. He announced firmly that “Mr. Dodgson neither claimed

⁷Vergelyk Lim (1997).

⁸Vergelyk Lim (1997).

nor acknowledged any connection with the books not published under his name". If the name "Lewis Carroll" was supposed to provide Charles Dodgson with a shield against publicity, it was a dismal failure. Instead it practically obliterated the mathematician. (Sutherland en Arbuthnot, 1977:210.)

Volgens Dusiinberre (1987:2) het die Alice-boeke ongekennde populariteit geniet toe dit oorspronklik gepubliseer is, in so 'n mate dat "[t]hey ran in the bloodstream of that generation". Dit wil voorkom of Carroll se Alice-boeke 'n nuwe era in die Engelse kinderletterkunde teweeggebring het: 'n era wat die oorgang verteenwoordig van 'n wêreld van "Victorian stuffiness" waarin kinders gedwing is om lesers te word, na 'n uitlewing van die alternatiewe fantasiewêreld van die Alice-boeke (vgl. Dusiinberre, 1987:74). Carroll het sy teikengroep geken soos geen skrywer dit nog reggekry het nie: "The irreverence which Carroll authorised in the Alice books was towards the pretensions of the pious author and of the entire adult world in its attitude to children, whom Carroll understood on their own terms as no writer had done before." (Dusiinberre, 1987:72.) Dit is hierdie empatie met die fantasie- en ervaringswêreld van die kind wat van die Alice-boeke klassieke werke met 'n bepaalde status in die jeugliteratuur van die wêreld gemaak het. Volgens Arbuthnot en Sutherland (1972:210-211) is Lewis Carroll se Alice-boeke dié grootste meesterstuk van fantasie en "nonsens" wat ooit geskryf is. Die ironie daarvan is dat dit toe nooit regtig "nonsens" was nie.

'n Boek wat soveel belangstelling en waarde in een taal of kultuur genereer, kan dieselfde waarde in 'n ander taal en kultuur genereer. *Through the looking glass* en sy voorganger *Alice's adventures in Wonderland* is in die Engelse jeugliteratuur as klassieke werke gekanoniseer en is as sodanig werd om voort te bestaan in ander tale. Die waarde van die vertaling is daarin geleë dat "die universele in die mens meebring dat wat vir die een volk in sy land waardevol is, van net soveel waarde vir 'n ander volk in 'n ander land kan wees" (Lohann, 1986:88). Sodoende word linguistiese grense sowel as die begrensing van sosio-kulturele ruimtes oorskry. Die teks gryp tog steeds die verbeelding van mense oor 'n wye spektrum aan: "Jabberwockies seem to pop up all over the place ... in print ... on the big screen ... on the little screen ... on stage ... in translation ... in stories ... in art ... in sports ... on vacation ... in food ... in song ... as pets ... even on the net ..." (Shaw, 1998).

3.7 Literêre tipering van die teks

Van Luxemburg *et al.* (1983:142-145) gaan van die standpunt uit dat 'n teks gesien moet word in verhouding tot sy funksie op grond van die geslaagdheid van die doel van die teks soos uit die taalboodskap gelees. Indien die dominante taalfunksie in 'n spesifieke teks bepaal kan word, kan die teks tipeer word.

Ede (1987:57) definieer nonsens as narratiewe kuns wat vergestalt in "a self-reflexive verbal construction which functions through the manipulation of a series of internal and external tensions". Die basiese digotomieë behels illusie en realiteit, orde en wanorde, fantasie en logika, verbeelding en rede, die kind en die volwassene, die individu en die gemeenskap, woorde en hulle linguistiese verhoudinge (taal as verwysing en taal as uitdrukking), denotasie en konnotasie en vorm en inhoud. Op 'n unieke wyse is taal 'n wêreld-in-woorde waarvan die nadruklike selfgedefinieerde realiteit hoofsaaklik linguisties is (vgl. Ede, 1987:49).

Ook Tigges (1987:27) sien nonsens as 'n narratiewe genre

... which balances a multiplicity of meaning with a simultaneous absence of meaning. This balance is effected by playing with the rules of language, logic, prosody and representation, or a combination of these. In order to be successful, nonsense must at the same time invite the reader to interpretation and avoid the suggestion that there is a deeper meaning which can be obtained by considering connotations or associations, because these lead to nothing.

As 'n genre is nonsensliteratuur 'n produk van die Victoriaanse era en terugskouend as sodanig "an alternative language for coping with the conditions of a world at once more complicated and more repressive, constituting an entire alternative aesthetic, making possible a radically different kind of art" (Prickett, 1979:126).

Op sy beste is nonsensliteratuur in Victoriaanse tye egter beskou as "... the happy product of children and the common man" (Ede, 1987:49) en hoogstens niks anders nie as 'n suksesvolle en nogal gesofistikeerde vorm van kinderliteratuur. Tog word dit allerweë aanvaar dat die Alice-boeke van Lewis Carroll as nonsens- en veral as kinderliteratuur 'n nuwe era in die letterkundige wêreld ingelei het (vgl. Tigges, 1987:43).

Volgens Dolitsky (1988:80) is “nonsense” (nonsens) en sinloosheid nie sinoniem nie, maar ’n verbeeldingryke manier om die taalspel te speel. Soos elke ander spel of speletjie het dit reëls, en vir skrywers van dié genre is hulle gemaak om te verbreek en te verontagsaam juis aan die hand (!) van ’n meesterlike vermoë om met taal om te gaan. Maar, net soos ’n hoogs bekwame akrobaat, moet die nonsens-skrywer ’n taalbeheerser by uitstek wees; moet hy die reëls van taal op die punte van sy vingers ken om die reëls suksesvol te verbreek.

Die studie van nonsensliteratuur as ’n literêre genre veronderstel twee basiese uitgangspunte (vgl. Dolitsky, 1988:80):

- die skepper van so ’n stuk werk is ten volle bewus dat hy linguistiese reëls verbreek en dat hy ’n doelbewuste keuse daartoe maak; en
- die onus berus by die leser/luisteraar om betekenis aan die teks te gee; betekenisgewing is dus eensydig.

Nonsensliteratuur is meestal bereël en gestruktureerd: die fonetiese en sintaktiese reëls van ’n taal word noukeurig nagevolg. Etikettering as “nonsens” vind plaas as gevolg van ’n verbreking van semantiese reëls, en ’n konvensionele siening van die werklikheid.

Dolitsky (1988:81) onderskei vier distinktiewe maar nie eksklusiewe tipes semantiese afwykings nie wat in ’n nonsenstek voorkom:

- leksikale afwyking;
- fonetiese nonsens;
- semantiese teenstelling, en
- pragmatiese nonsens.

Leksikale afwyking dui op die afwesigheid van algemeen aanvaarde of gekodeerde betekenis-toekenning aan woorde wat gebruik word. Carroll se “Jabberwocky” is ’n uitstekende voorbeeld van hierdie tipe semantiese afwyking. Fonetiese nonsens behels die samevoeging van klanke nie soseer om betekenis te genereer nie, maar om die vermaaklikheid wat die

sonoriteit op sigself bied. Semantiese teenstelling dui op die kombinasie van gekodeerde tekens op so 'n wyse dat die verhouding tussen die gegewe kombinasie en die konvensionele werklikheid ondeursigtig is of homself weerspreek, soos in Chomsky (1957:15) se nou al bekende klassieke voorbeeld: “Colourless green ideas sleep furiously.” In pragmatiese nonsens geld die basiese veronderstellings van 'n spraakhandeling nie, soos in die talle grapraaisels deur die jare in omloop: Waarom wou die padda oor die pad spring? Om by die oorkant uit te kom!

Die implikasie hiervan is dat die nonsenstekse nie soseer gerig is op die kommunikasie van inligting of feitlikhede nie, maar hom bemoei met die pragmaties-retoriese effek op die leser/luisteraar. Dit is dan hierdie effek eerder as die woorde self wat vertaal moet word. Die vertaling van verskillende “tipes nonsens” – dus die tipe teks – impliseer dus telkens 'n verskillende beklemtoning ten opsigte van ekwivalensie: foneties, semanties of pragmaties. Dolitsky (1988:81) wys ook daarop dat die teks hoogs gestruktureerd en konsekwent in voeling met homself (as genre) is, hoewel die woord-wêreld- en woord-woord-verhouding oënskynlik sinloos is.

Voorlopige navorsing (vgl. Dolitsky, 1988:81) dui daarop dat fonetiese, makrokontekstuele en mikrokontekstuele strategieë gebruik word in die interpretasie (betekenisgewing) van so 'n teks:

- Fonetiese betekenisgewingstrategie: neologismes word be-teken na aanleiding van betekenis gekodeer deur 'n woord wat foneties daarmee ooreenkom en wat reeds in die taal bestaan.
- Makrokontekstuele betekenisgewing: 'n superstruktuur word aan die teks gegee en neologismes be-teken in ooreenstemming met die superstruktuur.
- Mikrokontekstuele betekenisgewing: neologismes word op so 'n wyse be-teken dat hulle sintagmatiese ooreenstemming toon met die woorde om hulle.

Hierdie bevinding kan, volgens Dolitsky (1988:81) ook van toepassing gemaak word op die vertaling van die teks. Omdat hierdie tipe teks min inligting oordra en die essensiële kwaliteit daarvan nie geleë is in die woorde as sodanig nie maar in die mikro- en makrokontekstuele, fonetiese en assosiatiewe verhoudinge is dit juis noodsaaklik dat hierdie aspekte ook in die vertaling beklemtoon word.

Dit kan geskied deur doeltaalekwivalente ten opsigte van die vorm sowel as die inhoud van die gedig te bewerkstellig. In hierdie gedig sal ekwivalensie van vorm en klank voorkeur geniet sodat die inhoudelike effek van die BT-teks juis deur die DT-teks bewerkstellig kan word. Die evaluasie van twee Afrikaanse vertalings van die gedig word in hoofstuk 5 gedoen om te bepaal of die vertalers in hierdie voorwaarde geslaag het.

3.8 Samevatting

Die Alice-boeke moet gelees word teen die agtergrond van die kombinasie van die outeur se intrinsieke sin vir humor en die verwerping van die belangrikste wiskundige denkrigtinge van sy tyd. Die besondere invloed wat Dodgson se verwerping van simboliese algebra op die Alice-werke gehad het, word gesien in die volgende aspekte:

- dat die werke in beginsel handel oor 'n soeke na sin in 'n sinlose wêreld;
- dat 'n nonsenstekes soos die “Jabberwocky” struktuur ten koste van betekenis beklemtoon;
- dat die analogie van (woord)spel van toepassing is op sy oeuvre, en
- dat Carroll bewus was van, maar ongemaklik was met die simboliese benadering tot algebra.

Pycior (1984:169-170) kom tot die slotsom:

The *Alices* were, at least partly, expressions of Dodgson's anxiety over the loss of certainty implicit in mathematicians' acceptance of the symbolical approach. Alice's bewilderment in Wonderland paralleled Dodgson's bewilderment in the mathematical world of the symbolical algebraists. Alice's response to the chaos of the underground – retreat – paralleled Dodgson's response to symbolical algebra – the ignoring of it in his serious mathematical writings and teachings. But while Alice could flee Wonderland and leave the chaos behind, Dodgson could never completely escape the symbolical approach. Denied a place in his mathematics, the themes and techniques of symbolical algebra found an outlet in his fantasy writings.

Dodgson, wiskundige van beroep en fantasieskrywer deur roeping, het algebraïese temas en sy reaksie op simboliese algebra op humoristies-spottende wyse onder die skuilnaam Lewis Carroll in sy Alice-werke ingeskryf. Temas soos die oënskynlike paradoks van die

negatiewe “quantities less than nothing” en die betekenisloosheid en arbitrêre aard van die simboliese algebra het hulself geleen tot humoristiese eksplorasie. Hy het hom nooit aan die kant van die simboliese algebraïste geskaar nie, “because it was inimical to the traditional view of mathematics which he held to the end of his life: algebraic meaninglessness and arbitrariness went directly counter to his deep-seated belief in the absolute certainty or truth of mathematics” (Pycior, 1984:162). Maar dit blyk dat dit hom op so ’n wyse geraak het dat hy ’n diepgesetelde besorgdheid daaroor in die Alice-werke uitgespreek het. Op humoristiese wyse het hy met “nonsens”-prosa en -poësie geëksperimenteer; en in oënskynlik betekenislose sinne en woorde met struktuur maar geen spesifieke betekenis nie, tot ’n sinvolle oplossing probeer kom. Die kruis van Carroll se humor is duidelik: “[S]tructure does not guarantee meaning; emphasis on structure over meaning, so basic to the symbolical approach, can lead to nonsense.” (Pycior, 1984:167.)

Gegewe die vorm-inhoud-problematiek in die vertaling van ’n nonsenstek is die kontekstualisering van die “Jabberwocky”-gedig binne die Carroll-oeuvre van besondere belang vir die vertaler wat dinamiese ekwivalensie ten opsigte van die bronteks wil bewerkstellig.

4. “Glorious non-sense”: ’n analise van die “Jabberwocky” as bronteks

“It seems very pretty,” she said when she had finished it, “but it’s *rather* hard to understand!”

(You see she didn’t like to confess, even to herself, that she couldn’t make it out at all.)

“Somehow it seems to fill my head with ideas – only I don’t exactly know what they are!

However, *somebody* killed *something*: that’s clear, at any rate ...”

(Carroll, 1993:134)

4.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te toon hoe sintaktiese struktuur soos gemanifesteer in “Jabberwocky” ’n illusie van sin en betekenis sinjaleer in die afwesigheid van leksikale en referensiële betekenis. Die bespreking word gedoen teen die agtergrond van Carroll se weerstand teen simboliese algebra en sy manipulasie van taal in woordspel en taal as ’n bron van humor om kommentaar te lewer op onderliggende teoretiese taalverskynsels (vgl. 3.3 en 3.4), en teen die agtergrond van die basiese aanname van hierdie studie, naamlik dat die inhoud van die kreatiewe teks nie totaal van die vorm daarvan te skei is nie. Hierdie gegewe moet ook in die vertaling van die tekste neerslag vind.

Carroll was, literêr gesproke, hoofsaaklik ’n humoris en skrywer van kinderboeke. Sy besorgdheid met taal is vergestalt in sy oeuvre hoofsaaklik met die doel om te vermaak en te stimuleer. Hoewel Sutherland (1970:15) meen dat dit onwaarskynlik is dat Carroll doelbewus teoretiese taalkundige beginsels in sy werk inkorporeer het, wil dit tog voorkom of sy uitbeelding van linguistiese verskynsels spesifieke teoretiese beginsels impliseer ten opsigte van die aard en funksie van taal. Daarby het hy linguistiese verskynsels op mees-terlike wyse geëksploiteer vir humoristiese effek.

Dit kan dus nie weggeredeneer word nie dat hy baie bewus van onderliggende taalkundige beginsels was. Hoewel hy selde eksplisiete uitsprake oor teoretiese beginsels gemaak het, het hy dit indirek deur humoristiese dramatisering in sy fiksie vergestalt. Die werking van

linguistiese beginsels word geïllustreer eerder as om stellige uitsprake daaroor te maak, met die gevolg dat die ware omvang en erns van sy besorgdheid oor taal nie werklik na waarde geskat is nie: “By choosing to present theoretical principles only in terms of their practical manifestation, he concealed his basic assumptions in such a way that readers may perceive them only through inference from *particular illustrations*” (Sutherland, 1970:15; my kursivering, AK), soos die beklemtoning van struktuur ten koste van betekenis in die “Jabberwocky”.

4.2 Aspekte van semantiese en leksikale niekoherensie en obskureit

Met oppervlakkige lees van die “Jabberwocky” is twee aspekte opvallend: die vreemde en sinlose, maar evokatiewe woorde wat op die een of ander manier betekenis suggereer (vgl. die aanhaling aan die begin van die hoofstuk), en ’n struktuur wat hierdie betekenis-suggestie ondersteun. Die unieke samehang en wisselwerking tussen hierdie twee aspekte het tot gevolg dat “Carroll’s singular texts – even if they are nonsense or just because they are nonsense – points out a lot of basic theoretical questions concerning both the ‘text’, generally speaking, and the literary text and its analyses, in particular” (Vitacolonna, 1994:94). Hierdie aspek vind ook neerslag in die geslaagdheid van die twee vertalings (vgl. die bespreking in hfst. 5).

Die “Jabberwocky” het sy oorsprong in “A stanza of Anglo-Saxon poetry” (gedateer 1855) soos vervat in die persoonlike tydskrif *Mischmasch*. Dié vierreëlstrofe met die eerste reël “Twas bryllyg, and ye slythy toves” het die eerste en laaste strofe van die “Jabberwocky”-gedig in *Through the looking glass* (1871) geword. In *Through the looking glass* het Carroll nog vyf strofes bygevoeg wat die verdelging van die Jabberwocky weergee.

In sy oorspronklike vorm in *Mischmasch* was die kwatryn sorgvuldig in oënskynlike argaïese tipografiese karakters weergegee, “purporting to be the work of an Anglo-Saxon scribe” (Sutherland, 1970:35).⁹

⁹ Hoewel Carroll ongetwyfeld ’n belangstelling gehad het in die Anglo-Saksiese taal en kultuur is die oorspronklike titel ietwat misleidend want selfs met die grootste fantasie kan hierdie strofe nie ’n strofe van Anglo-Saksiese poësie wees nie. Die struktuur van ’n kwatryn, met die rymskema abab is nie een wat ’n Anglo-Saksiese digter sou gebruik nie, die woordorde is dié van moderne Engels, die infleksiemerkers nie Oud-Engels nie, en die woorde waarvan die onbekendheid ’n vreemde effek bewerkstellig, nie Oud-Engelse selfstandige of byvoeglike naamwoorde, of werkwoorde nie. Vgl. 3.1 vir ’n afdruk van die oorspronklike kwatryn.

TWAS BRYLLYG, AND Y' SLITHY TOVES
 DID GYRE AND GYMBLE IN Y' WABE:
 ALL MIMSY WERE Y' BOROGOVES;
 AND Y' MOME RATHS OUTGRABE.

Die oënskynlik vreemde fragment lyk in die moderne tipografie soos volg:

Twas bryllyg, and the slithy toves
 Did gyre en gymbles in the wabe:
 All mimsy were the borogoves;
 And the mome raths outgrabe.

Carroll gee self die etimologiese definisies van die woorde (Sutherland, 1970:50-51):

- *bryllyg* (derived from the verb to *bryl* or *broil*): "the time of broiling dinner, i.e. the close of the afternoon".
- *slithy* (compounded of *slimy* and *lithe*): "smooth and active".
- *tove*: a species of badger, with smooth white hair, long hind legs, and short horns like a stag; lived chiefly on cheese.
- *gyre* (verb derived from *gyaour* or *giaour*, "a dog"): "to scratch like a dog".
- *gymbles* (whence *gimblet*): "to screw out holes in anything".
- *wabe* (derived from the verb to *swab* or *soak*): "the side of a hill (from its being soaked by the rain)".
- *mimsy* (whence *mimserable* and *miserable*): "unhappy".
- *borogove*: "an extinct kind of parrot that had no wings, with its beak turned up, made its nests under sun-dials and lived on veal".
- *mome* (hence *solemome*, *solemone* and *solemn*): "grave".
- *rath*: "a species of land turtle with its head erect, a mouth like a shark, its front canceled, forelegs curved out so that it walked on its knees, a smooth green body, and lived on swallows and oysters".
- *outgrabe* (past tense of the verb to *outgrike* which is connected with the old verb to *grike* or *shrike*, from which are derived *shriek* and *creak*): "squeaked".

Die Engelse betekenis van die strofe is dus:

It was evening and the smooth active badgers were scratching and boring holes in the hill-side, all unhappy were the parrots and the grave turtles squeaked out. There were probably sun-dials on the top of the hill, and the borogoves were afraid that their nests would be undermined. The hill was probably full of the nests of rathe, which ran out squeaking with fear on hearing the toves scratching outside. (Sutherland, 1970:51.)

Sutherland (1970:51) wys daarop dat die strofe en die woordverduideliking geskryf is as humoristiese vermaak vir sy gesin, en moontlik ook met satiriese intensies op die etimologiese geesdrif in swang op daardie tydstop in Engeland.

Humpty Dumpty gee egter ook 'n verduideliking (Carroll, 1993:185-187) en beweer dat hy 'n kenner op dié gebied is:

“You seem very clever at explaining words, Sir,” said Alice.

“Would you kindly tell me the meaning of the poem called ‘Jabberwocky’?”

“Let’s hear it,” said Humpty Dumpty. “I can explain all the poems that ever were invented – and a good many that haven’t been invented just yet.”

This sounded very hopeful, so Alice repeated the first verse:

’Twas brillig and the slithy toves

Did gyre and gimble in the wabe:

All mimsy were the borogoves,

And the mome rathes outgrabe.

“That’s enough to begin with,” Humpty Dumpty interrupted, “there are plenty of hard words in there. ‘Brillig’ means four o’clock in the afternoon – the time when you begin broiling things for dinner.”

“That’ll do very well,” said Alice: “and ‘slithy’?”

“Well, ‘slithy’ means ‘lithe and slimy’. Lithe is the same as ‘active’. You see it’s like a portmanteau – there are two meanings packed into one word.”

“I see it now,” Alice remarked thoughtfully: “and what are ‘toves’?”

“Well, ‘toves’ are something like badgers – they’re something like lizards – and they’re something like corkscrews.”

“They must be very curious-looking creatures.”

“They are that,” said Humpty Dumpty; “also they make their nests under sun-dials – also they live on cheese.”

“And what’s to ‘gyre’ and to ‘gimble’?”

“To ‘gyre’ is to go round and round like a gyroscope. To ‘gimble’ is to make holes like a gimlet.”

“And the ‘wabe’ is the grass-plot round a sun-dial, I suppose?” said Alice, surprised at her own ingenuity.

“Of course it is. It is called a ‘wabe’, you know, because it goes a long way before it, and a long way behind it ...”

“And a long way beyond it on each side,” Alice added.

“Exactly so. Well then, ‘mimsy’ is ‘flimsy and miserable’ (there’s another portmanteau for you). And a ‘borogove’ is a thin shabby-looking bird with its feathers sticking out all round ... something like a live mop.”

“And then, ‘mome raths’?” said Alice. “I’m afraid I’m giving you a great deal of trouble.”

“Well, a ‘rath’ is a sort of green pig; but ‘mome’ I’m not certain about. I think it’s short for ‘from home’ ... meaning that they’d lost their way, you know.”

“Well, ‘outgribing’ is something between bellowing and whistling, with a kind of sneeze in the middle: however, you’ll hear it done, maybe – down in the wood yonder – and, when you’ve once heard it, you’ll be quite content. Who’s been repeating all that hard stuff to you?”

“I read it in a book,” said Alice ... (Carroll, 1993:185-187.)

Volgens Sutherland (1970:149) is dit moontlik dat Carroll Humpty Dumpty gebruik as ’n instrument om op satiriese wyse kommentaar te lewer op die “amateur philological speculators of his time who committed ludicrous etymological error through ignorance of historical relationships of languages, through false analogues and hasty generalizations”.

Dit is insiggewend om Carroll se definisies van die “Jabberwocky”-woorde in *Through the looking glass* (1870) te vergelyk met dié wat hy vir sy “Stanza of Anglo-Saxon poe-

try” (1855) saamgeflans het. Sutherland (1970:149) meen dat daar meer etimologie in die oorspronklike bylae was. Humpty Dumpty se weergawe is aangepas, verbeter en verfyn. Die radikaal-veranderde definisies dui daarop dat Carroll nie dié woorde gesien het as sou dit spesifieke vaste betekenis gehad het nie. ’n Skrywer (betekenisgewer) kan dus oor woorde baasspeel en hulle op ’n arbitêre wyse hanteer: hy máák hulle beteken wat hy wil hê hulle moet beteken.

Hoewel Humpty Dumpty dus as ’n “etimologiese kenner” die woorde van die “Jabberwocky” verstaanbaar verduidelik as saamgestelde woorde – portmanteau-woorde¹⁰ – het Carroll die hele gevolglike soeke na portmanteau-betekenis in oënskynlike sinlose woorde gesien as ’n groot grap (vgl. Sutherland, 1970:36). Sy (nou bekende en beroemde) kommentaar op die versoek van die redaksie van die tydskrif *Jabberwock* om die woord te gebruik as titel, bevestig dié aanname:

Mr. Lewis Carroll has much pleasure in giving to the editresses of the proposed magazine permission to use the title they wish for. He finds that the Anglo-Saxon word “wocer” or “Wocor” signifies “offspring” or “fruit”. Taking “jabber” in its ordinary acceptation of “excited and voluble discussion,” this would give the meaning of “the result of much excited discussion.” Whether his phrase will have any application to the projected periodical, it will be for the future history of American literature to determine. Mr. Carroll wishes all success to the forthcoming magazine. (Cohen, 1982:173.)

Hoewel woorde soos *chortle* en *galumph* in die Engelse woordeskat opgeneem is, was dit nie Carroll se bedoeling om dit as neologismes in die leksikon te laat opneem nie; dan sou hy waarskynlik gestipuleerde betekenis se daarvoor gegee het. Miskien moet Humpty Dumpty se verduideliking gesien word as Carroll se satiriese illustrasie van die “scholarly ascertainment of lexical definitions of archaic words” (Sutherland, 1970:152).

4.3 Betekenisgewingstrategieë

Dolitsky (1988:81) tipeer ’n teks soos “Jabberwocky” as ’n nonsenstek (vgl. 3.7) en wys daarop dat fonetiese, makrokontekstuele en mikrokontekstuele strategieë gebruik word in

¹⁰ Volgens Hornby (1995:898) is ’n portmanteau-woord “an invented word that combines parts of two words and their meaning”. Humpty Dumpty gee ’n baie grafiese beskrywing van die “portmanteau-words” (Carroll, 1993:185) wat Lewis Carroll gebruik (1993:185-1870: “there are two meanings packed up into one word”).

die betekenisgewingsproses van so 'n teks. Omdat die nonsenstekst min inligting oordra is dit dus nie net woorde wat beteken moet word en betekenis oordra nie, maar ook in die mikrokontekstuele, makrokontekstuele, fonetiese en assosiatiewe verhoudinge. Hierdie aspekte word dan verreken in die grammatikale en strukturele gegewe.

4.3.1 Grammatikale beginsels en strukturele sintaksis/sintaktiese patrone

Grammatikale reëls (soos bv. volgorde in taal, posisie van die werkwoord, meervoudsvorming) is suiwer taalkundige reëls (norme) en is linguistiese beginsels eie aan die interne struktuur van 'n individuele taal (vgl. Carstens, 1994:38-39). Sutherland (1970:210) gaan van die veronderstelling uit dat Carroll terdeë bewus was van die onderskeid tussen *strukturele* en *referensiële* betekenis, en van die onderskeidende én onderskeie rol wat elkeen speel om 'n uiting sinvol te maak sowel as van die feit dat konvensionele sintaktiese patrone, eie aan 'n spesifieke taal, 'n subtiële maar uiters belangrike invloed uitoefen op die begrip van (Engelse) uitinge of taalgebruik.

In “Jabberwocky” word dit duidelik dat Lewis Carroll – ten minste intuïtief – bewus was daarvan dat die uitsluitlik funksionele struktuur van (Engelse) uitinge 'n eie betekenis oordra, onafhanklik van die referensiële betekenis. Die twee tipes betekenis – struktureel en referensieel – is funksioneel ten nouste verwant en is albei essensieel vir begrip van die hele draagwydte van 'n spesifieke taal.

Dié onderskeiding vind neerslag in die volgende aspekte in die gedig:

- Die invoeging van betekenislose vorme in die posisies wat normaalweg deur inhoudswoorde ingeneem word.
- Die behoud van die voorskriftelike patrone van die konvensionele morfologie en sintaksis van Engels.
- Alice se opmerking (Carroll, 1993:134) dat die onverstaanbare gedig op een of ander manier haar kop vol idees maak.
- Alice se onthulling (Carroll, 1993:184-187) deur die wyse waarop sy haar vrae aan Humpty Dumpty stel dat sy die funksie van sommige van die betekenislose woorde verstaan op grond van die strukturele merkers.

Deur middel van strukturele sintaksis skep Carroll 'n illusie van sin aan leksikale gebrabbel. Hoewel baie van die woorde in die gedig nie sin maak nie, is daar 'n suggestie van betekenis in die gedig as 'n geheel.

Wanneer Alice die hele gedig gelees het sê sy dan ook:

“It seems very pretty ... but it's *rather* hard to understand!” (You see she didn't like to confess, even to herself, that she couldn't make it out at all.) “Somehow it seems to fill my head with ideas – only I don't exactly know what they are! ...” (Carroll, 1993:134.)

Die eerste strofe is grotendeels sonder referensiële betekenis, die vae begrip moet spruit uit die assosiasie wat die klanke oproep en van die struktuur van die uiting: haar “ideas” is “without doubt the structural meanings for which the framework contains the signals” (Fries, 1952:70). Die strukturele seine of grammatikale raamwerk lyk so:

‘Twas _____, and the _____y _____s
 Did _____ and _____ in the _____;
 All _____y were the _____s,
 And the _____ _____s _____.

Vir die Engelse taalgebruiker is die raamwerk bekend en kan hy onmiddellik sekere funksies toeken aan die nonsenswoorde wat in die leë spasies inpas. Die grammatikale raamwerk is dus die “operative agent” (Hockett, 1958:263) wat idees in Alice se kop plaas. Dié idees is die verhoudinge en funksies van die nonsenswoorde soos gesuggereer deur die struktuur. Die grammatikale struktuur van Engels (die brontaal) bestaan uit sekere formuleringspatrone, wat, deur taalgebruikersooreenkoms 'n betekenis van hul eie oordra, totaal onafhanklik van die gegewe inhoudswoorde wat in die beskikbare formulegheif teenwoordig mag wees. Nuwe sinne kan dus op hierdie model gebou word as die strukturele seine korrek interpreteer word. Die strukturele seine wat die funksie van die nonsenswoorde suggereer is (vgl. Sutherland, 1970:209):

- sintaksis en woordorde (konvensionele Engels);
- funksionele woorde (soos *it, and, the, did, in, all, were*);

- infleksiemerkers (verbuigingsmerkers soos meervoudsvorme en, in Engels, werkwoordtye), en
- kongruensieverskynsels soos “*were* the ____s”.

Wanneer Alice die gedig vir die eerste keer lees, “voel” sy dat dit iets beteken. In haar bespreking met Humpty Dumpty oor die betekenis van die nonsenswoorde blyk dit dat die grammatikale raamwerk haar lei om te begryp hoe sekere van die nonsenswoorde funksioneer. Die vraag “What are ‘toves’?” impliseer dat sy toves as ’n ding-woord (selfstandige naamwoord) interpreteer. *Are* toon aan dat sy met die -s uitgang die meervoud identifiseer. Sy gebruik die infinitief as aksiewoorde na aanleiding van die werkwoord *did*. *Wabe* is weer ’n selfstandige naamwoord wat ’n fisieke plek aandui, waarskynlik na aanleiding van die formule (vgl. Alice se gesprek met Humpty Dumpty). Dit dui op ’n onderskeid tussen strukturele en referensiële betekenis en die onderskeie en onderskeidende rol wat hulle speel om ’n uiting sinvol te maak, sowel as op die feit dat konvensionele sintaktiese patrone ’n subtile maar uiters belangrike invloed uitoefen op die leser se begrip van Engels of enige ander taal.

4.3.2 Die arbitrêre aard van woordbetekenisse

Die vraag: Wie bepaal geskikte interpretasies van simbole; hetsy algebraïese of taalsimbole? Wanneer Alice vir Humpty Dumpty dié vraag vra, sê hy woorde kan (soos algebraïese simbole) veelvuldige betekenisse hê, en hy (soos die simboliese algebraïs) kan die betekenisse bepaal (Carroll, 1990:184-185).

Dit beteken dat:

- die meeste woorde dubbelsinnig is;
- woorde meer betekenis het as wat bedoel word wanneer hulle gebruik word;
- geen woord ’n betekenis het wat onlosmaaklik daaraan verbind is nie: dit beteken slegs wat die spreker bedoel dit moet beteken en wat die interpreteerder daarby verstaan, en dat
- woordbetekenisse geheel en al arbitrêr is.

Die arbitrêre aard van betekenis word meesterlik deur Humpty Dumpty geïllustreer as hy die aard van die verhouding tussen die klankvorm van 'n woord en die betekenis daarvan eksploiteer:

This is a relation of arbitrariness: in the case of the overwhelming majority of words, there is no principled reason why a given form and a given meaning are paired ... The pairing of forms and meanings is established by convention in all but a restricted number of words.
(Botha, 1995:159-160.)

Hierdie arbitrêre skakeling tussen die vorm en betekenis van woorde dra by tot die produktiwiteit van taal. So kan taalgebruikers nuwe woorde tot hulle woordeskat toevoeg sonder om hulle te bekommer oor die vraag of 'n besondere vorm "reg is" of "pas by" 'n besondere konkrete, materiële ding of betekenis, en omgekeerd. Die outeur van "Jabberwocky" het nie nodig gehad nie om te bekommer of die vorm toevs die regte of the beste vorm is vir die betekenis "badgers with smooth hair, long hind legs and short horns like a stag, living chiefly on cheese" (Carroll, 1993:185). Dit was ook nie nodig om in beginsel 'n rede te soek om die betekenis "land turtles with an erect head, a mouth like a shark, forelegs curved so that they walk on their knees, a smooth green body and living on swallows and oysters" (Gardner, 1998:191) met die vorm *raths* te verbind nie.

Die arbitrêre aard van die skakel tussen vorm en betekenis skep die moontlikheid vir taalgebruikers om woorde te gebruik wat abstrakte niemateriële betekenis denoteer: soos *liefde*, *haat*, *drome*, *glorie*, ensovoorts. Dieselfde beginsel geld vir woorde soos *jabberwocky*, *jubjub* en *bandersnatch*; woorde wat fantasiecreature in 'n fantasiewêreld denoteer:

Not even in Wonderland do we find creatures speaking a kind of language whose laws require that words denoting abstract entities are to have abstract forms, or words denoting nonexistent entities are to have nonexistent forms! (Botha, 1995:161.)

4.3.3 Fonetiese betekenisgewing

Volgens Botha (1995:172) vertoon taal dualiteit in die sin dat dit op twee afsonderlike vlakke georganiseer is en funksioneer, wat radikaal verskil maar op 'n besondere wyse

saamhang. Op die eerste vlak word sinne of frases opgebou uit betekenisvolle leksikale items (woorde). Op die tweede vlak word die vorme van hierdie (inherente) betekenisvolle woorde opgebou uit (inherente) betekenislose spraakklanke.

Dualiteit word in taal vergestalt in die kombinerings van twee reëlsisteme vir geslaagde taalgebruik:

- frases en sinne word opgebou uit betekenisvolle woorde, en
- woordvorme word opgebou uit betekenislose klankvorme.

Hierdie reëls sluit fonologiese reëls of voorwaardes in wat spesifiseer in watter volgorde of kombinasies spraakklanke in woorde kan voorkom, selfs betekenislose of nuwe woorde. Fonologiese reëls kan beskou word as woordstruktuurvoorwaardes, soos die volgende in Engels:

- Die klank [l] en [b] kan gekombineer word in hierdie volgorde aan die einde maar nie aan die begin van 'n woordvorm nie.
- Die klank [b] en [r] kan gekombineer word in hierdie volgorde aan die begin maar nie aan die einde van 'n woordvorm nie.

Die eerste reël stel Engelse sprekers in staat om 'n nuwe woordvorm soos *dulb* maar nie 'n woord soos *lbud* te vorm nie. Die tweede reël stel Lewis Carroll in staat om 'n nuwe woordvorm soos *brillig* te bou, maar nie 'n woordvorm soos *gillbr* nie. Botha (1995:173) wys daarop dat nie een van die nuwe woordvorme wat Carroll in die “Jabberwocky” gebruik die fonologiese reëls van Engels verbreek nie. Ook Dolitsky (1988:82) wys daarop dat hoewel “Jabberwocky” baie neologismes/nonsenswoorde bevat, is hierdie woorde gevorm in ooreenstemming met die fonologiese patroon van Engels: “English grammar is rigorously maintained and an over-all storyline can easily be discerned.” Hierdie aspekte word breedvoeriger in hoofstuk 5 ten opsigte van die vertalings van die gedig bespreek.

Indien elke spraakklank in 'n woordvorm op 'n nie-arbitrêre wyse met 'n gedeelte van die betekenis van die woordvorm sou skakel, sou dit die vermoë daarvan beperk het om met

mekaar te kombineer. Botha (1995:173) gebruik die voorbeeld van die spraakklanke in die woordvorm *stove*. Indien hierdie spraakklanke op 'n nie-arbitrêre wyse aan mekaar gekoppel moes word sou Carroll nie die woordvorm *toves* kon bou nie. Dié spraakklanke sou ook nie kombineer kon word om die woordvorm *votes* te bou nie. Botha (1995:174) som die verhouding tussen die arbitrêre aard van woordbetekenis en dualiteit soos volg op: “What arbitrariness does, then, is to keep speaker-hearers free from any meaning-based constraints whenever they build word forms out of individual speech sounds.”

4.3.4 Strukturele koherensie en betekenisinjalering¹¹

4.3.4.1 Strukturele parallelismes

Betekenis word gesinjaleer deur die versteekte maar opvallende grammatikale en strukturele koherensie; 'n struktuur wat onmiddellik opvallend is deur die herhaling van die eerste strofe as slotstrofe van die gedig. Al is daar geen betekenis af te lei uit sommige woorde nie, geen sinvolle ruimte- en intrige-uitbeelding nie, kan die leser aanvaar: wat ook al gebeur het, die gedig eindig soos en waar dit begin het, en die gebeure – die werklike geveg – het aan die uiteinde van die saak niks verander nie.

Hierdie stelling word gestaaf en versterk deur die parallelismes in strofes twee en ses:

“Beware the Jabberwock, my son!
The jaws that bite, the claws that catch!
Beware the Jubjub bird, and shun
The frumious Bandersnatch!

And hast thou slain the Jabberwock?
Come to my arms, my beamish boy!
O frabjous day! Callooh! Callay!”
He chortled in his joy.

In strofe twee waarsku 'n vader sy seun teen die Jabberwock en ander monsters, die

¹¹ Sien bylaag A vir Lewis Carroll se “Jabberwocky”, tesame met 'n skematiese voorstelling van die rympatroon en ander strukturele parallelle. In Bylaag B word skematiese voorstellings van die rympatrone en ander strukturele parallelle op die Afrikaanse vertalings aangedui. Omdat die rymskema van die Duitse en Nederlandse vertalings nie in detail bespreek word nie, word dit nie op die gedigte aangedui nie.

Jubjubvoël en die Bandersnatch. In strofe ses verwelkom dieselfde spreker/karakter die oorwinnaar en held terug van sy wedervaringe. Hierdie uitinge is hier duidelik gelykwaardige handeling.

Die feit dat die held gewaarsku word teen 'n handeling en dan geprys word vir dieselfde handeling deur dieselfde “ouerfiguur” is op sigself 'n aanduiding dat die gebeure in die tussengeleë strofes 'n wending bewerkstellig het: wie waag, die wen.

Dieselfde parallisme en wending word deur die derde en vyfde strofes geïllustreer, maar die implikasies is tasbaarder:

He took his vorpal sword in hand;
Long time the manxome foe he sought –
So rested he by the Tumtum tree
and stood awhile in thought.

One, two! One, two! And through and through
The vorpal blade went snicker-snack!
He left it dead, and with its head
He went galumphing back.

Hoewel albei strofes 'n gewapende held beskryf, is die gebeure in die derde strofe gerig op vertrek, oorpeinsing en jag op die vyand, terwyl die gebeure in die vyfde strofe hoofsaaklik die geveg uitbeeld in die vorm van ongekompliseerde handeling en onverskrokke, onmiddellike optrede.

In die vierde en middelste strofe, die middelpunt van die gedig, word die konfrontasie tussen die held en die Jabberwock beskryf:

And, as in uffish thought he stood,
The Jabberwock, with eyes of flame,
Came whiffling through the tulgey woods,
And burbled as it came.

Alkalay-Gut (1987:28) vergelyk die “Jabberwocky” met ’n “perfectly constructed mock heroic poem, using the structure of the epic, but enveloping it in nonsense in order to prove the ridiculousness of all the heroic tales”. Die teenoorgestelde is egter ook ter sprake: die sinlose kry spesiale betekenis in die lig van die epiese struktuur en gee sodoende daaraan ’n dieper betekenis.

Ciardi (1971:260) vergelyk ook die gedig met ’n kammaheldegedig (“mock heroic”) waarin tegnieke gebruik word wat herinner aan ’n Engelse ballade. Strofe een en twee het te doen met die een of ander duistere profesie. In strofe drie verontagsaam die held die waarskuwing en strofe vier beskryf die vreesaanjaende monster. Strofe vyf en ses beskryf die geveg waarin die held as oorwinnaar uit die stryd tree en die guns van die ouerfiguur wen.

Toe Tolkien (1984:19) die kritiek teen *Beowulf* moes regverdig as sou die monsters die waardigheid van die epos aantast, was sy verweer: “It is not an accident that the tone of the poem is so high and its theme so low. It is the theme in its deadly seriousness that begets the dignity of tone ...” Alkalay-Gut (1987:28) pas dieselfde beginsel op die “Jabberwocky” toe: die epiese kwaliteit van die gedig word nie gereduseer as gevolg van die oënskynlike vergesogte inhoud nie, maar die onderwerp – monsters – word verhef na betekenisvolle vlak en belang juis as gevolg van die mate van belangrikheid waarmee dit bejeën word.

Tolkien (1984:19) het van die standpunt uitgegaan dat die heroïese kragmeting met die magte van die Bose ’n vaste struktuur gehad het: die eienskappe van die twee magte kon verander, maar die aard en struktuur van die essensiële konflik bly dieselfde. Die kern van die “Jabberwocky” is: met die struktuur in plek kan geen (oënskynlike) betekenislose taalgebruik die leser weerhou van essensiële betekenisgewing nie – die noodwendige konflik word reeds daardeur gesuggereer.

Die oënskynlike betekenisloosheid van die woorde deflekteer die kortstondige detail en stel die leser in staat om te fokus op die altyd teenwoordige menslike konflik met die magte van die Bose.

Die eerste strofe het ten doel om die leser tuis te maak in ’n vreemde, mistieke atmosfeer. Hier is geen identifiseerbare wesens in ’n realistiese wêreld wat hom kan oriënteer nie; dit

is 'n wêreld waar woorde geen betekenis het nie en die enigste orde dié van grammatikale struktuur is. Diere en atmosfeer is uitruilbaar. Die sinloosheid dien 'n belangrike doel: om die leser te verplaas van 'n bekende, beperkte en beperkende wêreld, en die moontlikheid van grenslose assosiasies daar te stel. Dit is dus juis die hegte struktuur, parallelle strofes and grammatikale sinvolheid wat ruimte maak vir die vryheid van nie-sin ("non-sense").

Strukturele koherensie word voorts bewerkstellig en versterk in die ooreenstemmende rympatrone in parallelle strofes: kruisrym in strofes 1, 7 en 4 en gebroke rym in strofes 2, 6, 3 en 5. Die herhaling van die eerste strofe aan die einde sluit die gedig as 'n geheel op bevredigende wyse tot 'n tegniese en psigologiese eenheid.

4.4 'n Strukturele lees van die "Jabberwocky" aan die hand van funksionele woordgebruik¹²

Die funksie van die gebruik van woorde wat oënskynlik geen sin het nie – soos die port-manteau-woorde in die gedig – kan ook gesien word as "meaningful comment upon an identifiable subject" (Ciardi, 1971:260).

Die implikasie daarvan is dat stereotiepe woorde en gebeure gestroop word van vervlietende betekenis om sodoende aan die gebeure volle betekenisinhoud – as 't ware speelruimte – te gee. Oënskynlik is dié beginsel (vgl. Alkalay-Gut, 1987:29) 'n natuurlike persepsie wat kinders het, maar blyk 'n korrektiewe maatreël te wees vir die afgestompte volwassene. Om woorde tot hulle volle betekenisinhoud te laat kom, is die voorwaarde dat hulle tot sinloosheid verskraal moet word, sodat betekenisinhoude kan uitstyg bo die teenstelling van sinvolheid en sinloosheid. Dit hou 'n geskakeerdheid van taal in wat 'n oorwinning oor die realiteitsbeginsel impliseer.

Die eerste woorde wat volg op die skilderagtige voorspel in strofe 1 is die waarskuwing (vgl. 1, 5, 7, 8):

"Beware the Jabberwock, my son!

The jaws that bite, the claws that catch!

¹² Aangepas uit Alkalay-Gut (1987:29-31)

Beware the Jubjub bird, and shun

The frumious Bandersnatch!"

Hierdie woorde identifiseer die Jabberwock as die monster, die roofdier met sy bose trawante, die Jubjub en die Bandersnatch. Hulle is boos nie as gevolg van misleidende standarde van moraliteit nie, maar eenvoudig omdat hulle vermy moet word. Daarom, alhoewel daar nie aan die leser eksplisiet verduidelik word wat “frumious” beteken nie, aanvaar ons dat hierdie monsters boos is as gevolg van die waarskuwing van die ouerfiguur.

Die basiese psigologiese konflik tussen generasies word ook in hierdie strofe bygetrek. Alhoewel die “vader” (sy werklike verhouding tot die “seun” is vaag) en “seun” saamstem ten opsigte van die dreigende gevaar, dring die ouer generasie op versigtigheid aan wat suggereer dat probleme altyd teenwoordig is en nie opgelos kan word nie, maar net hanteer kan word deur vermyding.

Soos wat dit ’n held betaam, word daar nie halsoorkop of onstigtelik tot aksie oorgegaan nie, maar na diepe oordenking en onder dwang. Die meditasieperiode word in strofes drie en vier beskryf. Helde deur die eeue heen – van die Ou-Testamentiese profete en die Middeleeuse ridders van Camelot, tot ’n moderne James Bond – gaan net tot handeling oor wanneer hulle moet en dan boonop op die verdediging uit.

Dit is belangrik dat die slagveld beskryf word omdat die held se grootsheid gemeet word in terme van die grootsheid van sy teenstander. Slegs die uiteinde is belangrik en die aard daarvan of die wyse van terugkeer is irrelevant; dit kan in obskuriteit vervaag. So ook die eksakte vorm wat die vreugde van die ouer aanneem. Wat belangrik is, is die sosiale aanvaarding van die heldedaad.

Hoewel baie in die verloop van die gebeure plaasgevind het, het niks eintlik verander nie, daarom verplaas die finale strofe die gebeure terug na die verlede van die eerste strofe. Helde kom en gaan en in ’n onvolmaakte werklikheid is net die gevaar van die Bose ’n mag om mee rekening te hou. Hoewel die Jabberwock verslaan is, is die monsters van die tweede strofe – die Jubjub en die Bandersnatch – springlewendig en die moontlikhede eindeloos.

4.5 Samevatting

Carroll se doel met die “Jabberwocky” was nie om die heldeverhale te parodieer of daarmee die spot te dryf nie, maar soos ’n ware wiskundige het hy dit bloot herformuleer: “bringing them down to their common denominator” (Alkalay-Gut, 1987:30). Die funksie van Carroll se “Jabberwocky”-nonsenstek is dus om woorde en gebeure te stroop van tradisionele en stereotiepe interpretasie; om die leser te verplaas van ’n wêreld van begrensde realiteit en spesifiekheid om sodoende optimale betekenisgewing te bevorder in ’n nuwe (mistieke) konteks (vgl. ook Alkalay-Gut, 1987:29-30).

Op die punt waar dit nie meer nodig is om ’n byvoeglike naamwoord soos vorpal te definieer nie, besef die leser dat elke held ’n wapen – enige wapen; ook ’n woordwapen (AK) – het wat hom op die een of ander manier bemagtig, wat hom sterker maak as die gemiddelde man, bewys is van sy uitverkorenheid, en hom weerloos laat sou dit van hom weggeneem word. ’n Presiese definisie van vorpal en al die ander ongedefinieerde, onverstaanbare woorde beperk die interpretasie van woorde sowel as van die (gebeure in die) gedig as ’n geheel, maar ’n aanvaarding van die sogenaamde sinloosheid daarvan bevorder die lees daarvan.

Teen die agtergrond van die vorm-inhoud-problematiek en binne die teoretiese raamwerk van dinamiese ekwivalensie as doelwit moet die vertaler van die kreatiewe teks kennis neem van die eienskappe, betekenisgewingstrategieë en onderskeidende strukturele kenmerke van die bronteks om ’n optimaal geslaagde DT-tek te skep.